

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 6, No. 2

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Bybel-onkunde: 'n Werklike probleem!

Miljoene mense, regdeur die Westerse wêreld, het *The Da Vinci Code* gelees. Miljoene mense het onlangs die flik gesien wat op die novelle gebaseer is. Dit rig 'n uitdaging aan die geloof van baie kerkgangers, en dit verwar miljoene mense oor wat die Bybel werklik sê!

Soos die *Charlotte Observer* skryf: "Die debat oor 'The Da Vinci Code'-boek en rolprent, het talle nuuskierige Amerikaners laat besef hoe onkundig hulle aangaande Bybelgeskiedenis is. In plaas van om hierdie onkundigheid te betreur en die boek se verdraaiings aan te val, sien baie kerke dit as 'n geleentheid om te leer. Uitgewers gryp ook die geleentheid aan. Ten minste 45 boeke betwis of verduidelik die baie punte in Dan Brown se godsdienstige moordraaisel... Vir 'n kerk wat sukkel met onkunde aangaande die Skrif en die publiek se selftevredenheid kom die geleentheid voor as byna wel, uit die hemel" (5 Junie 2006).

Hierdie wêreld en sy "algemene-Christendom" verkeer duidelik in groot verwarring – en honderde predikante en godsdiensskrywers erken dit openlik. Hulle is bewus daarvan dat die meeste kerkgangers nie die vaagste benul van die Bybel het nie en dus "vatbaar" is vir allerlei godsdienstige idees. Selfs die "kerk" is nie een verenigde liggaam nie. In plaas daarvan, is dit 'n verwarrende mengelmoes

van honderde verskillende denominasies wat hulself "Christen" noem, wat almal teen mekaar meeding. Elkeen van hulle het ietwat verskillende leringe en gebruike. Die wêreld is verward. Wat van u?

Die meeste mense **bestudeer** byna **nooit** werklik die Bybel soos mens 'n wetenskap-, wiskunde- of geskiedenis handboek sal bestudeer nie. Hulle lees gewoonlik net 'n paar uitgesoekte "bemoedigende" teksverse wat hulle ken. Die res van die Bybel laat hulle as 'n soort **lugleegte** uit en is totaal **onkundig** daaroor.

Soos die *U.S. News & World Report* 'n paar jaar gelede uitgewys het: "Meer as driekwart van Amerikaners verwys na die nasie se godsdienstige diversiteit as 'n bron van krag; minder as een-derde dink dit maak dit moeiliker om die nasie te verenig ... Intussen glo meer as 3 uit 4 Amerikaners dat alle godsdienste ten minste 'n gedeelte van die waarheid bevat – hoewel min mense sê dat hulle veel van ander godsdienste behalwe hul eie weet. Bykans 70 persent van mense dink dat geestelike ondervindings die belangrikste deel van godsdienste is. 'As iemand se godsdienste meer oor individuele identiteit as oor leerstelling of geloof gaan, is dit baie makliker om verdraagsaam te wees,' sê Egon Mayer, 'n sosioloog by die Nagraadse Sentrum van die Stadsuniversiteit van New York. Gallup sê die

hoë mate van godsdienstige verdraagsaamheid weerspieël gedeeltelik, 'nie net 'n gebrek aan kennis van ander godsdienste nie, maar ook 'n onkunde van 'n mens se eie geloof.' In party meningsopnames sê hy, 'het jy Christene wat sê, 'Ja, Jesus is die enigste weg' en ook, 'Ja, daar is baie weë na God toe.' Dit is nie dat Amerikaners niks glo nie; hulle glo alles" (6 Mei 2002).

*Geen wonder* mense is verward nie! *Geen wonder* mense is onseker oor wat die Bybel sê nie. Dit is omdat hulle *nie* werklik die *einste openbaring* van hul Skepper **bestudeer** nie! Daarom kan hulle maklik besluit om byna *enigiets* te "glo". Hulle kan verkeerdelik *aanvaar* dat "alle godsdienste naastenby dieselfde is". Intussen het miljoene mense beroemde evangeliste hoor verkondig, "Die Bybel sê," terwyl die Bybel in der waarheid *duidelik presies die teenoorgestelde verkondig!*

Ons by die *Wêreld van Môre* wil u dus *uitdaag* om te leer om u Bybel regtig te *bestudeer!* Lees noukeurig en mediteer asseblief terwyl u die evangelies van Mattheus, Markus, Lukas en Johannes *bestudeer*. Merk belangrike gedeeltes wat u lees. *Bestudeer* Handeling 1 dan op soortgelyke wyse *noukeurig* – neem kennis daarvan dat die *oorspronklike* Christene *dieselfde dinge* geglo en toegepas het wat Jesus onderrig en toegepas het.

Let daarop dat Jesus *na Sy*  
**Vervolg op bladsy 17**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik–Bybel-onkunde: 'n Werklike probleem!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Noodsaaklike sleutels om profesie te verstaan 3

Profesie beslaan meer as 'n kwart van u Bybel. Weet u hoe om duidelikheid daarvoor te verkry? Daar is beginsels wat God se Woord vir u kan duidelik maak en u kan help om te weet wat die waarheid aangaande u toekoms en die toekoms van die ganse wêreld is!

#### Vrees, frustrasie of geloof? 8

Is u bang? Is u gefrustreerd? Miljoene mense ervaar die stres van die alledaagse lewe as byna ondraaglik. Kan ons geloof hê te midde van uitdagings, gevare en benoudhede? Ja, ons kan! God se Woord wys ons hoe.

#### Europa: 'n Moderne Toring van Babel 12

Onlangse ontwikkelings in Europa is belangrike stukkie in die eindtydse profetiese legkaart. Dit kan 'n eertydse heerser, wie se poging om 'n ryk op die been te bring wat deur God Self platgevee is, tot geheue roep. U Bybel onthul wat Europese eenwording vir die toekoms inhou.

#### Sal u die Aarde beërwe? 18

Sal u u eie wolk beërwe wanneer u sterf? Sal God vir u 'n harp en bladmusiek gee? Of het Hy vir u iets veel meer inspirerend beplan?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 21

#### Profesie neem gestalte aan 22

#### Wêreld van Môre – Jeug 24

### Die Wêreld van Môre in Engels op TV!

Kyk gerus Sondagmiddag om halfses na die *Tomorrow's World* TV-program op M-Net se CSN-kanaal (kanaal 6 op die M-Net dekodeerder). Hierin sal Roderick Meredith en Richard Ames, met gasaanbieders Wallace Smith en Rod King, u meer vertel van Bybelprofesie, hoe profesie met wêreldtoestande verband hou, beginsels vir 'n Christenlewe en die wonderlike komende Koninkryk van God!

Onthou: Sondagmiddag, om 17h30 op M-Net se CSN-kanaal.

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)  
Bruce Tyler (Australië)  
Gerald Weston (Kanada)  
Rodney King (Europa)  
Rodney King (Suid-Afrika)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Streekkantore

#### VSA:

P.O. Box 3810  
Charlotte, NC 28227 8010  
Tel: (704) 844 1970  
Faks: (704) 841 2244  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772  
Canberra, ACT 2601  
Tel: (07) 5546 0472  
Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202  
Toronto, Ontario, M9W 6L0  
Tel: (905) 671 3730  
Faks: (905) 671 9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767  
Auckland, New Zealand  
Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774  
Makati City 1257, Philippines  
Tel: 63 2 813 6538  
Faks: 63 2 867 1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092  
Motherwell, ML1 2YD Scotland  
Tel/Faks: 44 1698 263 977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS 9880  
Tel: 058 622 1424  
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God  
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Noodsaaklike sleutels om profesie te verstaan

Deur Roderick C. Meredith

**A**merika is *nou* by 'n **keerpunt** in sy geskiedenis. Respek vir die VSA neem wêreldwyd vinnig af. Selfs in die VSA is respek vir sy eie President die laagste ooit. Die waarde van die Amerikaanse dollar neem wêreldwyd af en die nasie loop die gevaar van 'n finansiële katastrofe indien hulle nie hul ekonomiese huis in orde kry nie. Die nasie se militêre magte is baie yl gesaai weens die toenemende verpligtinge regoor die wêreld.

Intussen daag 'n magtige *China* die VSA op baie fronte uit – ekonomies, polities en militêr. Namate troppe Chinese diplomate en sakemanne op Suid-Amerika, Afrika en die Midde-Ooste toesak, neem die krag van die Amerikaanse diplomatieke en finansiële invloed in hierdie streke af. Soos die Associated Press onlangs berig het: “China brei vinnig sy militêre reikafstand uit deur al hoe meer langafstand vliegtuie en wapens te koop wat hom sal in staat stel om met die Verenigde State mee te ding en 'n potensiële bedreiging vir ander lande in die streek in te hou, het 'n Pentagonverslag Dinsdag gelui. Die tempo en omvang van China se vordering in die modernisering van sy weermag laat blyk dat dit verder as Taiwan kyk, volgens die jaarstudie” (*Charlotte Observer*, 24 Mei 2006).

Dan is 'n volskaalse “Verenigde State van Europa” ook stilweg besig om reg onder ons neuse tot stand te kom, soos ons al vir baie jare berig! Uiteindelik, soos Bybelprofesie duidelik aantoon, is *dit* die mag wat ten laaste die grootste bedreiging vir die VSA, Kanada en Brittanje sal inhou. Wat die meeste Amerikaners nie besef nie, is dat die bou van die Europese Ryk grootliks “stilletjies” geskied. Leidende lede van die Britse

parlement het hul diep kommer uitgespreek. Soos die *London Daily Telegraph* berig: “Die Europese Kommissie het planne opgetrek om 'n Europese kuswag in te stel wat kritici vrees die slinkse poging deur Brussel is om 'n EU-vloot te skep met sy eie magte om verskeping te stop en te deursoek... Lloyd's List, die dagblad wat die seebedryf dek, het die kommissie verlede week in 'n hoofberig daarvan beskuldig dat hulle poog om stilletjies 'n vloot op te bou. 'Die konsep van 'n Europese kuswag het 'n federalistiese sjarme daaraan wat die oë oombliklik laat blink onder samekomste van Eurofiele, wat moeg is vir die eindelose gesprekke oor vis of landbou' het die koerant gesê. 'Dit is soort van 'n Europese vloot wat by die agterdeur insluip.' Julian Brazier, die minister van skeepvaart sê: 'Dit is baie kommerwekkende nuus. Dit blyk Brussel se ambisies om 'n ryk te bou ken geen perke nie. Die skuif na 'n EU-vloot moet gestaak word.' (25 Mei 2006). 'n “Slinkse” Europese Ryk met 'n slinkse vloot?

Let asseblief daarop dat *pas* voor Jesus Christus se Wederkoms, 'n groep van tien “konings” (leiers) hul mag en gesag aan 'n charismatiese diktator, naamlik die “Dier” sal gee. Hierdie leiers en hul mense sal so *mislei* wees dat hulle uiteindelik regstreeks sal *oorlog voer* teen die terugkerende Jesus Christus (Openbaring 17:11-14)!

*Sjoe!*

**Waarom** het so baie van u *dit* nog nooit gehoor nie? Omdat die meeste van u *baie min* van die kwart van die Bybel gehoor het wat uit geïnspireerde profesie bestaan! U het meestal gehoor van die sentimentaliteite oor die “liewe

Jesus” of van “gee jou hart vir die Here” of van “hemel toe sweef” wanneer jy doodgaan en om dan blykbaar vir tallose miljarde jare daar rond te sit met bykans **niks** te doen nie!

Die opwindende profesieë van u Bybel is grootliks geïgnoreer of misverstaan. Die meeste mense het die baie belangrike boodskap van die eerskomende Koninkryk of *regering* van God nagelaat. Daardie regering sal *op hierdie aarde* opgestel word, waar die ware heiliges van God Jesus Christus sal bystaan om die nasies te **regeer** (1 Korinthiërs 6:2-3; Openbaring 2:26-27; 5:9-10). “Algemene Christelike kerke” het hierdie waarheid geïgnoreer of verkleineer, hoewel dit iets is wat u Bybel duidelik onderrig. Dit is moontlik **waarom** u nooit werklik Bybelprofesie verstaan het nie en waarom u maklik daarvoor mislei kan word.

In hierdie artikel gaan ek vir u verskeie basiese **sleutels** gee om Bybelprofesie te verstaan. Ek *daag* u uit om die geldigheid van hierdie sleutels te **bewys** deur *dit te gebruik* in u studie van *wêreldnuus*. Onthou, nadat Hy verskeie **eindtydse** profetiese gebeure beskryf het, leer Jesus Christus ons: “**Waak** dan en *bid altyddeur*, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36).

### Ons nasionale identiteit

Nadat Hy beskryf hoe Hy die son, maan en sterre in hulle plek geplaas het, sê God: “As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd. So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fundamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE” (Jeremia 31:36-37).

Dit is 'n baie dramatiese stelling deur ons **Skepper!** Praat God egter net van die klein oorblyfsel van die Joodse volk, soos baie mense aanneem? *Stellig nie!*

God sê egter ook in dieselfde geïnspireerde skrifdeel: “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE,

dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Jeremia 31:31-33).

Hier beskryf die God van die Bybel duidelik in onomwonde taal *twee verskillende dele* van Sy volk, Israel. God het egter gesê Sy verbond sal “met die huis van Israel **en** die huis van Juda” wees. Tog is die meeste mense laat glo dat “Jood” *Israel* beteken en dat “Israel” *Jood* beteken!

Hoewel hulle dit dalk nie vir u gesê het nie, erken *alle* geleerde teoloë dat die “huis van Israel” van Juda (die “Jode”) *afgestig* en 'n *aparte* volk geword het. Die Bybel beskryf “Israel” dikwels in oorlog *teen* die “Jode”! Trouens, in die Afrikaanse Ou Vertaling is die eerste plek waar die naam “Jode” genoem word, waar die konings van Sirië en *Israel* teen die “Jode” *geveg* het (2 Konings 16:5-6).

### Waar IS die Huis van Israel?

Waar *is* die huis van Israel dus vandag? Nadat Salomo se seun Rehoboam koning van Juda geword het, het hy op die tien stamme van Israel *toegeslaan*. Daardie tien stamme het toe van Juda **afgestig** en gesê: “Na julle tente toe, Israel! Kyk nou na jou eie huis, Dawid!” (1 Konings 12:16). Die skrywer van 1 Konings maak dan die afleiding: “So het die Israeliete dan van die huis van Dawid *afvallig* geword tot vandag toe” (vers 19). Hierna volg 'n tydperk van ongeveer twee eeue van afwisselende vrede en oorlogvoering tussen die huis van **Israel** en die huis van **Juda** (die *Jode*) – twee **aparte** nasies. Uiteindelik, rondom 721 v.C. het Assirië die tienstam huis van Israel in ballingskap weggevoer en “Israel” verdwyn klaarblyklik. Moderne geskiedkundiges skryf soms van die “Verlore Tien Stamme” van Israel.

*Verlore?*

Wat dan van God se plegtige belofte dat Hy *nooit* sou toelaat dat die volk van Israel “ophou om 'n volk te wees” (Jeremia 31:36)? Het God Sy belofte **versaak**?

**Nee!**

In Genesis 49 vind ons 'n besielende profesie oor die stand van elk van die twaalf stamme van Israel in die “laaste dae” (vers 1). Juda sou die “septer” behou en die *Messias* voortbring – die uiteindelijke Koning oor die aarde (vers 10). Die ander nasies wat uit Jakob (Israel) se seuns voortkom, word baie kortliks beskryf – *behalwe Josef*. Slegs Josef – wat God kragtig gebruik het om Egipte se graan te red en te produseer en **groot dele van die wêreld te voed** in 'n tyd van droogte – word *breedvoerig* en met mooi woorde beskryf. In die “laaste dae” sou Josef baie **geseënd** wees: “Van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (Genesis 49:25-26).

Vandag behoort dit voor die hand liggend te wees dat **geen ander volke** die seëninge van wêreldwye mag ontvang het wat vergelykbaar is met wat die VSA en Britse afstammeling gedeel het nie! *Tesame* het hierdie nasies elke groot oorlog vir die afgelope sowat twee eeue gewen. *Hierdie twee nasies* het meer voedsel, mediese voorrade en geldelike hulp aan beleërde lande gestuur as al die ander nasies op aarde saam! Hulle het beslis saam soos “broers” opgetree!

*Is hulle broers?*

*Ja!* Hoewel Amerikaners dikwels praat van hul Britse “neefs”, toon die Bybel dat hierdie twee nasies veel meer as net neefs is! Net voor die beskrywing van die ontsagwekkende **seëninge** wat “Josef” in die “laaste dae” sou ontvang, beskryf die Bybel hoe Israel (Jakob) Josef se seuns – Efraim en Manasse – die hande opgelê

en voorspel het dat hierdie twee kleinseuns van Israel sy **naam** sou dra. Hy het gesê: “Mag deur hulle my naam genoem word en die **naam** van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte” (Genesis 48:16).

Josef het probeer dat sy pa, Jakob, die groter seën aan Manasse, die oudste seun, gee. “Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sý nageslag sal 'n menigte van nasies word. So het hy hulle dan dié dag geseën en gesê: Met jou sal Israel 'n seën toewens, met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en soos Manasse! So het hy dan Efraim voor Manasse gestel” (verse 19-20).

Die jonger broer, Efraim, het die Britse volk geword wat tot onlangs toe die grootste ryk in wêreldgeskiedenis beheer het. Op die kruin van hul ryk het Brittanje beheer gehad oor Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Indië, groot dele van Afrika en baie ander dele van die wêreld. Behalwe vir die Panamakanaal, het Brittanje feitlik **al** die wêreld se groot “seepoorte” beheer, want God het spesifiek beloof dat Abraham se afstammeling “die **poort** van sy vyande in besit [sal] neem” (Genesis 22:17). God het hierdie ontsagwekkende belofte deur Abraham se seun, Isak, wie se vrou profeties soos volg geseën is, uitgebrei: “Mag jou nageslag die **poort** van sy vyande in besit neem” (Genesis 24:60).

Op hierdie wyse het die Almagtige God wêreldsake regstreeks gelei sodat die seuns van Jakob, wie se naam na Israel verander is, die **grootste nasies** op aarde sou word. Die VSA het in die laaste tyd die een “groot” nasie geword, met die jonger broer Efraim, wat die groot “menigte” of *gemenebes* van nasies geword het – die Britse Ryk! God sê: “Jou naam is Jakob; jy sal verder nie Jakob genoem word nie, maar **Israel** sal jou naam wees. En Hy het hom Israel genoem. Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n **Nasie**, ja, 'n **menigte van nasies**, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom” (Genesis 35:10-11).

Wanneer 'n mens eers hierdie noodsaaklike

**slutel** tot nasionale identiteite verstaan, kan jy die **talle eindtydprofesieë** wat beskryf wat met “Israel” gaan gebeur, makliker verstaan. Hoewel *party* van hierdie profesieë die Joodse volk en die klein Joodse staat wat homself Israel noem kan insluit, is hierdie profesieë gewoonlik van toepassing op *al twaalf nasies* wat van Israel afstam. So ook, wanneer die Bybel profeties praat van die huis van Israel, verwys dit **nooit net** na “Juda” (die *Jode*) nie, maar ook na die ander nasies wat uit Jakob se seuns voortgekom het. Aangesien Israel se “naam” *spesifiek* op Efraim en Manasse *geplaas* is, behels die **groot eindtydprofesieë** die VSA en Britse afstammeling. Dit is **noodsaaklik** om dit te verstaan wanneer eindtydprofesieë bestudeer word.

### Die TOEKOMS van die huis van Israel

Dit is waarom *die Amerikaanse en Britse volke* 'n groot volk en menigte van volke geword het. Dit is waarom *hulle* die grootste spit sal afbyt in die eerskomende “Groot Verdrukking”! Want, *ondanks* al die fisiese seëninge wat hulle ontvang het, het hulle hul *gedistansieër* van die ware God wat hierdie seëninge gegee het! Dit is **waarom** die “tyd van benoudheid vir Jakob” in der waarheid die “Groot Verdrukking” is. Want dit is nie bloot 'n straf vir die klein Joodse nasie nie, maar 'n **reuse verdrukking** wat oor die ganse huis van Israel kom, insluitend veral die VSA en Britse afstammeling (Jeremia 30:4-7).

Tog, wanneer Jesus Christus terugkeer, sal daardie nasies diep verootmoedig wees. Dan, met die opstanding van die dode, sal God koning Dawid laat opstaan om weereens oor *al twaalf stamme* van Israel te regeer (verse 8-9). Dawid sal natuurlik onder Christus, wat die Koning van konings oor die hele aarde sal wees, dien (Openbaring 19:16). Hy sal hulle leer om God se geboeie en Sy wette te **gehoorsaam**! Let op: “En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel” (Esegiël 37:24).

Esegiël se besielende profesie onthul dat God

op daardie tydstep weereens al twaalf nasies van Israel as *een volk* sal **saamsnoer** (Esegiël 37:16-26)! Gedurende daardie tyd sal die volke van Brittanje en Amerika leer om die Jode **lief te hê** – hulle sal uiteindelik leer dat hulle **een nasie – een volk** – is! “En Ek sal hulle *een volk* maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie” (vers 22).

Sodra 'n mens eers die profetiese **slutel** tot die opspoor van hedendaagse Israel in eindtyd profesie *verstaan*, sal hierdie profesieë waarlik vir u **gestalte aanneem**. Wanneer u koerant lees of TV-nuus kyk, sal dit bykans 'n daaglikse saga word van wat **nou** aan die gebeur is met Israel se afstammeling en wat dit vir u en u geliefdes in die onmiddellike toekoms *beteken*!

Indien u nog nie geskakel of geskryf het vir u absoluut **gratis** kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* nie, doen dit dadelik! Hierdie boekie verduidelik *ten volle* in duidelike terme die Bybelse en geskiedkundige **bewyse** van die nasionale identiteit van die VSA en Britse afstammeling en wat dit vir u toekoms **beteken**! Skryf of skakel gerus om die boekie te versoek en *bestudeer* hierdie **noodsaaklike sleutel** om te begryp wat in wêreldnuus om u aan die gang is.

### Die beginsel van TWELEDIGHEID

Nog 'n noodsaaklike **slutel** tot begrip van die Bybel is om te erken dat God dikwels die beginsel van **tweeledigheid** aangewend het toe Hy Bybelskrywers geïnspireer het. Sekere profesieë het beide 'n vroeë vervulling **en** 'n latere vervulling.

Jesaja het voorspel dat **Babilon** vernietig sou word weens hul baie towery en sondes (Jesaja 13). Vandag word 'n **hedendaagse** “Babilon” beskryf as 'n godsdiens-politiese stelsel wat ook vernietig sal word – hierdie keer met **Christus se Wederkoms** (Openbaring 18:1-4).

Jeremia voorspel ook die val van 'n hedendaagse “Babilon”. Hy beskryf dat beide Israel en Juda bevry sal word uit die slawerny wat

deur hierdie moderne diktatorskap opgelê gaan word (Jeremia 30:4-8) en dat hulle sal terugkom om God *op te soek* met 'n gesindheid van berou tot bekering na Christus se Wederkoms (Jeremia 50:1-5). Baie profesieë oor die straf van antieke Israel – **soos gesien in hul Bybelse konteks** – het 'n duidelike oorbrugging na 'n **hedendaagse** vervulling net voor of net na Jesus Christus se Wederkoms.

Ander voorbeelde sluit in die profesieë van Hosea, Amos en Miga. Hoewel hierdie boeke duidelik gerig is aan die antieke huis van Israel, is daar keer op keer besliste verwysings na **eindtyd** strawwe op **moderne** “Israel” weens soortgelyke sondes en situasies in vandag se samelewing. Regdeur Hosea praat God oor die sondes van owerspel, dronkenskap en vals godsdiens in **antieke** Israel. Dan beskryf die skrywer meteens die **laaste samekoms** van Israel met Christus se Wederkoms (Hosea 3:5).

Namate ons tot die besef kom dat die Bybel die “gedagtes van God” op skrif is, is dit ook belangrik om te verstaan hoe God besluit om ons te help om Sy plan en Sy wil te verstaan deur **tweeledigheid** regdeur Sy geïnspireerde Woord aan te wend.

### Die Bybel vertolk sy eie simbole

Die Bybel gebruik baie **simbole**, veral in die profetiese boeke. Daniël gebruik verskillende stelle simbole om die groot Heidense Ryke te beskryf. Hy beskryf byvoorbeeld 'n groot “beeld” wat die vier groot wêreldoorheersende koninkryke simboliseer wat mekaar opvolg tot en met Christus se Wederkoms (Daniël 2:32-34).

Sonder die Bybel se **eie** vertolking, sou ons wonder wat hierdie beeld kon voorstel, maar Daniël sê vir koning Nebukadneser “ú **is** die hoof van goud” (verse 38-40). Bykans alle Bybelgeleerdes en selfs geskiedkundiges wat belangstel, stem saam dat Daniël duidelik die wêreldregerende koninkryk, Babilon, wat toe aan bewind was, as die “kop van goud” beskryf. Hulle erken dat Daniël die volgende groot koninkryke beskryf wat op die wêreldtoneel sou kom: Die Ryk van die Mede en Persiërs, die Grieks-

Macedoniese Ryk van Alexander die Grote en uiteindelik die magtige Romeinse Ryk wat eeue na Daniël se dood 'n opgang sou maak.

Laastens het God Daniël geïnspireer om die **Koninkryk van God** te beskryf, uitgebeeld deur die “rots” – **Jesus Christus** – wat uiteindelik **al** die oorlogvoerende, wêreldse koninkryke sal verbrysel en “self **sal** dit vir **ewig bestaan**” (vers 44).

Die boek Openbaring beeld die lewende Jesus Christus uit – wat tans aan die regterhand van God in die hemel sit – te midde van “sewe kandelare” (Openbaring 1:13), met “sewe sterre” in Sy regterhand (vers 16). Weereens, sonder om ons **eie** idees in die Bybel in te lees, moet ons die Bybel toelaat om **homself** te vertolk. God se Woord verduidelik: “Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes” (vers 20).

Een belangrike simbool om te verstaan is dat die woord “vrou” soms 'n **kerk** verteenwoordig – hetsy God se **ware** Kerk of 'n groot **vals kerk**. Die apostel Paulus skryf aan Christene in Korinthe: “Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om **julle** as 'n reine maagd aan Christus voor te stel” (2 Korinthiërs 11:2). Hier word die kerk verteenwoordig as 'n **vrou** – die verloofde “bruid” van Christus.

In Efesiërs 5:22-33 gebruik Paulus herhaaldelik die versinnebeelding of simboliek van die Kerk as die vrou van Jesus Christus: “Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so **moet** die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees” (vers 24).

Die apostel Johannes is geïnspireer om dieselfde simboliek te gebruik ter beskrywing van die groot **vals** kerk – wat binnekort in ons tyd tot haar volle mag en invloed sal opgang maak. Let daarop hoe hierdie ganse heidense stelsel as 'n “vrou” beskryf word – hoewel, trouens, 'n “gevalle” vrou – 'n groot hoer. Johannes is geïnspireer om te skryf: “Ek het 'n **vrou** sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en

**Vervolg op bladsy 27**

# Vrees, frustrasie of geloof?

Deur Richard F. Ames

## Ons leef in 'n wêreld vol uitdagings, gevare en stres. Kan geloof ons frustrasies oorwin?

**M**iljoene mense wêreldwyd ly aan angswerwante stoornisse. 'n Belangrike nuustydskrif vra: Hoeveel van ons "bekommer ons siek"?

Daardie artikel merk op: "Daar is beslis baie vrese wat die rondte doen. Angswerwante stoornisse – dit wat gesondheidskenner identifiseer as enige vrees wat so blywend is dat dit inmeng met die alledaagse lewe – is die mees algemene geestesiekte in die VSA. In sy verskillende vorme, wat strek van baie spesifieke fobies tot algemene angswerwante stoornisse, teister dit 19 miljoen Amerikaners ("Understanding Anxiety", *Time*, 10 Junie 2002, bl. 48).

Baie mense ondervind selfs ernstiger geestelike gesondheidsuitdagings, wat angsaanvalle of -stoornisse insluit. Die Nasionale Instituut vir Geestesgesondheid berig: "Sowat 2,4 miljoen volwasse Amerikaners tussen die ouderdom 18 en 54 jaar, of nagenoeg 1,7 persent van die mense in hierdie ouderdomsgroep in 'n gegewe jaar, ly aan angswerwante stoornisse" (*When Fear Holds Sway*, 9 April 2004). Miljoene van ons ervaar vrese wat inbraak maak op ons normale leefwyse. Die stres van ons daaglikse lewe alleen, kan ons dood veroorsaak. Ons pendel te midde van strawwe verkeer. Ons kom in aanraking met omgekrapte, twissieke mense. Ons trotseer finansiële, maatskaplike en persoonlike probleme.

Die Bybel bied ons strategieë om ons bekommernisse, frustrasies en vrese te oorwin, maar ons materialistiese wêreld trek ons aandag af

van geestelike prioriteite. Jesus het Sy luisteraars bestraf wat hulle oor kos en kleres bekommer het. Hy sê: "As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?" (Mattheus 6:30).

Tog laat baie van ons toe dat ons onselfs bekommer. Ons word vreesagtig en beangs. Wat is Amerikaners se grootste vrese? 'n Gallup-meningspeiling in 2001 het Amerikaanse volwassenes se mening ingewin oor hul vrese. Die grootste vrees was vir slange (51%), die tweede grootste vrees was om in die openbaar te praat (40%), gevolg deur hoogte (36%); klein ruimtes (34%), spinnekoppe en insekte (27%), naalde en inspuittings (21%), muise, (20%), om te vlieg (18%), donderweer en weerlig (11%), honde (11%), skare mense (11%), doktersbesoeke (9%) en diedonker (5%).

God ken ons vrese. Jesus sê u Vader ken u intiem. Jesus gee ons hierdie bemoedigende perspektief en opdrag: "Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies" (Lukas 12:6-7).

Namate u God se Woord – die Bybel – lees en bestudeer, sal u te wete kom van Sy ontsagwekkende liefde en wonderlike beloftes aan u. U sal afkom op gedokumenteerde gevalle waar God in menselewens ingegryp het. Hy beloof ook dat Hy in u lewe sal ingryp! Lees maar net Jesus se woorde in Mattheus 5-7, wat dikwels die



“Bergpredikasie” genoem word. Ek was verwonderd toe ek daardie woorde vir die eerste keer gelees het, toe ek omtrent 12 jaar oud was. Ek het daardie woorde ernstig opgeneem en dit het begin om my lewe te verander!

Deesdae hou baie moderne aandagafleidings ons weg van geestelike prioriteite. Ons leef in 'n wêreld met 'n materialistiese uitkyk. Baie mense jaag rykdom as eerste doelwit in die lewe na, hetsy dit die besit van vaste eiendom, motors, bote, juwele, kontant of ontwerpersklere is. Ander jaag weer mag en 'n posisie in die regering, besigheid of onderwys na. Nog ander jaag plesier na deur ongeoorloofde seks, deur hulle te vergryp aan die media en ander vorms van vermaak, alkohol of onwettige dwelms. Baie mense raak selfs verslaaf aan videospelotjies. Die menslike natuur noop ons om ons te wend tot aktiwiteite wat ons vrese en frustrasies vererger. Hoe kan ons daardie vrese en frustrasies met vrede, geloof en liefde vervang?

### 'n Goddelike vrees?

As ons ontsag en eerbied vir God het, kan ons ons daaglikse probleme in perspektief behou. Baie mense in algemene kerke sê die vrees vir God is “primitief.” Die Bybelse vrees vir God is egter nie om vir Hom “bang” te wees nie – dit is 'n diep ontsag en eerbied vir ons Skepper. Dit is ontsag vir God se majesteit en grootheid. Dit is 'n reaksie op die werklikheid van God. Wanneer u besluit om God te vrees, sal u mense nie vrees nie. Ons moet besef dat die *vrees* van God en die *liefde* van God mekaar **nie** onderling uitsluit nie. Baie belydende Christene is van mening dat u slegs een óf die ander kan beoefen. Dit is **nie** wat u Bybel sê nie. Beide eienskappe word benodig in ons verhouding met God. “En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te **vrees**, in al sy weë te wandel en Hom **lief te hê** en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooi van die HERE en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?” (Deuteronomium 10:12-13).

'n Goddelike vrees help ons om ons fobies en bekommernisse te bowe te kom. “In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders

van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees” (Spreuke 14:26). Ware geloof en sekerheid – sterk sekerheid – kom van God af.

Die Nuwe Testament loof ook die waarde van 'n eerbiedige [goddelike] vrees. Kyk: “Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met **eerbiedige vrees** die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is” (Hebreërs 11:7).

Ja, God vereis dat ons Hom sal liefhê **en** Hom sal vrees. Dié twee eienskappe gaan hand aan hand! Ek daag u uit om deur Psalms en Spreuke te lees. Die seëninge en voordele van 'n goddelike vrees sal u verstom!

Watter ander maniere is daar waardeur ons ons bekommernisse en vrese kan oorwin? Johannes, Jesus se geliefde apostel, skryf: “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in” (1 Johannes 4:18). Liefde is die teenmiddel vir vrees. Hoe kan ons daardie liefde bekom? Ons moet die diepsinnige waarheid waarvan Johannes praat, verstaan: **God is liefde**. “En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom” (vers 16).

Ja, God het ons lief en Hy sal aan ons die gawe van Sy geestelike liefde gee! Hy maak aan ons hierdie verstommende belofte: “En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is” (Romeine 5:5). Die selfsugtige menslike natuur kan verander word in 'n liefdevolle, goddelike natuur. Ons ontvang hierdie kosbare gawe van goddelike liefde deur die Heilige Gees wat vir ons gegee is. Die apostel Petrus het op Pinksterdag vir duisende mense verduidelik hoe om hierdie wonderlike gawe te ontvang: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep”

(Handelinge 2:38-39).

### Is u gefrustreerd?

Soms leef Christene nie na aan God nie, met die gevolg dat hulle dan gefrustreerd raak. Is u dikwels gefrustreerd? Die woord “frustreer” beteken “om te verhoed dat 'n doel bereik word; om te dwarsboom”. Die woord kom van die Franse woord *frustra* wat “tevergeefs” beteken. Die vrugte van frustrasie kan die volgende insluit: geestelike angs, bekommernis, gejaagdheid, vreesagtigheid, senuagtigheid en rusteloosheid. Hoe kan u u frustrasies te bowe kom?

Baie van ons leef lewens van bekommernis en vrees. Almal van ons ervaar frustrasie in ons moderne samelewing. Ons sit in verkeersknope wanneer ons laat is vir 'n afspraak. Ons voel beswaard weens lang ure by die werk. Ons voel verstoot wanneer iemand 'n uitnodiging van die hand wys. Ons voel dalk onseker of ongeliefd. Daar is dalk konflik tussen vriende of familielede. Ons het dalk gesondheidsprobleme. Dit kan wees dat ons te min geduld het. Dinge loop net eenvoudig verkeerd by ons werkplek of by die skool.

Waarom ondervind ons so baie frustrasies? Ons fokus is moontlik op die materiële eerder as op die geestelike. Watter doelwitte stel u? Wanneer u die verkeerde doelwitte stel, kan u gedwarsboom en gefrustreerd raak. Die eenvoudige oplossing is om **die regte doelwitte te stel**. Indien u nie reeds hierdie woorde van Jesus u eie gemaak het nie, behoort u dit nou te doen: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33).

Ons raak gefrustreerd as ons die verkeerde doelwit of hoegenaamd geen doelwit gestel het nie. God het ons vir 'n ontsagwekkende doel geskape. Wanneer ons ons aan Sy doelwit toewy en God se Koninkryk en Sy geregtigheid nastreef, verklein ons die lewe se frustrasies! Ons raak ook gefrustreerd wanneer ons daarop aandring om ons eie ding te doen, sonder om ander mense in ag te neem. Hierdie selfsugtige gesindheid is: “Ek wil my sin hê.” Ons Redder stel aan ons die regte voorbeeld. Selfs toe Hy die kruisdood in die gesig

gestaar het, het Hy gebid: “Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!” (Lukas 22:42).

Jesus het Hom heeltemal onderwerp aan God se wil. Wanneer ons ons onderwerp aan God se wil eerder as om aan te dring op ons eie, sal ons vrede vind en ons frustrasies te bowe kom. Onthou dat Jesus ons geleer het om te bid: “Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Mattheus 6:10).

Ons behoort die regte motivering te hê. Ons behoort almal die goddelike gesindheid te hê om te wil gee eerder as om te wil *ontvang*. Die Skrif leer ons: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35).

Geduld is nog 'n strategie om frustrasie te oorwin. In 1 Korinthiërs 13, wat dikwels die “liefdeshoofstuk” genoem word, tref ons verskeie eienskappe van liefde aan. Wat is die eerste eienskap? “Die liefde is lankmoedig [geduldig] en vriendelik” (1 Korinthiërs 13:4).

### Kan u geloof vind?

Die Bybel beklemtoon dit dat ons geloof benodig. Miskien het u 'n gebrek aan geloof en vertrou. Kan u geloof en vertrou in hierdie trouelose era ervaar? Ja, u kan! Hoe? “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17).

Is dit enige wonder dat baie van ons geloof kortkom? As ons prioriteite materialisties is, sal ons nie geloof hê nie. Jesus van Nasaret het dit duidelik gemaak wat ons belangrikste prioriteit in die lewe behoort te wees. Hy het die algemene probleem naamlik dat baie van ons ons bekommer oor fisiese behoeftes, aangespreek: “Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die

veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir *julle, kleingelowiges*? Daarom moet julle **Jul nie kwel** en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad” (Mattheus 6:25-34).

Jesus moedig ons aan om nie bevrees te wees of ons te bekommer oor ons fisiese behoeftes nie. Die teenoorgestelde van vrees en bekommernis is geloof. Jesus beveel ons dus om te konsentreer op die geestelike. Indien ons dit doen, sal ons fisiese behoeftes aan ons geskenk word.

Abraham het God in die geloof gehoorsaam. U moet besluit of u bereid is om in geloof op te tree en God te gehoorsaam, soos met Abraham die geval was. Abraham het God se beloftes geglo. Sal u u Bybel glo? Sal u die wonderlike beloftes wat God vir u het, glo? Kyk hoe Paulus Abraham beskryf: “En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy belooft het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken” (Romeine 4:20-22).

Vra uself af: “Wanneer ek God se beloftes in die Bybel lees, glo ek dat God in staat is om Sy beloftes gestand te doen?” Indien u dit glo, is u goed op pad om in geloof te leef. Lees u Bybel en eis God se beloftes op. Hy wil hê dat u 'n hegte verhouding met Hom moet hê.


God belooft om in al ons behoeftes te voorsien. Die apostel Paulus skryf: “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus” (Filippense 4:19). Dit is God se belofte aan u. As u eers kennis dra van God se beloftes, kan u in gebed met Hom daaroor praat. U kan God se beloftes opeis. U sal Sy opdrag uitvoer waar Hy sê: “Bid, en vir julle sal

gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word” (Mattheus 7:7-8).

Glo wat God in Sy Woord sê. Bid tot Hom volgens Sy wil. Vra, soek en klop. U sal vind dat beantwoorde gebede u sal help om u bekommernisse, frustrasies en vrese deur geloof te bowe te kom.

Die goddelike eienskappe, naamlik geduld, geloof, gehoorsaamheid en onderworpenheid aan God se wil (en Sy goddelike liefde), sal ons help om ons frustrasies, vrese en angste te oorwin. God wil hê dat ons in geloof moet leef. Hy sal daardie geloof vir ons gee as ons in gebed toenadering tot Hom soek en daarna streef om Sy wil met behulp van die Bybel te verstaan. In die April 2005 uitgawe van die *Reader's Digest*, is 'n artikel met die titel “*New Proof Prayer Works*”. Outeur Julie Bain skryf: “Terwyl niemand met absolute sekerheid kan bewys dat gebed siektes kan genees nie, maak baie dokters melding van gevalle waar die herstel nie toegeskryf kan word aan enige ander rede nie. Wat ons egter wel weet, is dat godsdiens en geestelike stres kan verlig en die immuunstelsel 'n hupstoot kan gee” (bl. 153).

Die Bybel beveel ons om daagliks te bid. Indien ons onself verootmoedig en God in gebed soek en as ons die Bybel lees ten einde Sy wil te doen, sal Hy ons meer geloof en meer innerlike vrede gee. Soos die apostel Paulus skryf: “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17). Ons lees drie keer in die Nuwe Testament “die regverdige sal uit die geloof lewe” (Romeine 1:17; Galasiërs 3:11; Hebreërs 10:38). Namate ons deur ons optrede en gebede nader aan God beweeg, sal ons die godvresendheid ontwikkel wat ons sal help om ons frustrasies die hoof te bied, en die voordele van geloof te begin ervaar.

In Sy Woord, die Bybel, maak God verstommende beloftes. Ons moet op daardie beloftes reageer, dan kan ons die liefde hê wat vrees en frustrasie uitdryf, en sal ons in geloof kan leef. 

# Europa: 'n Moderne Toring van Babel

Deur Douglas S. Winnail

**G**root veranderings is besig om in Europa plaas te vind. Nasionale groeperings wat vir dekades sonder verandering behoue gebly het, is besig om te verskuif. Kragtige magte is in die proses om die geo-politiese landskap op hierdie historiese vasteland te herrangskik, maar die meeste mense is te besig om dit agter te kom. Nog minder mense verstaan waarom dit gebeur en *waartoe* hierdie dramatiese gebeurtenis aanleiding sal gee. Wat maak dit tog op stuk van sake saak wat in Europa gebeur?

Henry Kissinger, die voormalige Amerikaanse minister van binnelandse sake, merk op: "Die verskyning van 'n verenigde Europa is een van die *mees rewolusionêre* gebeurlikhede van ons tyd" (*Does America Need a Foreign Policy?* bl. 47). Die eertydse Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, het opgemerk dat "die neiging na 'n burokratiese Europese superstaat ... *reuse implikasies* vir die hele wêreld inhou. Tog is ek telkemale op my reistogte buite Europa getref deur hoe min mense enige begrip

daarvan het" (Statecraft, bl. 324). Richard Leone, president van die 'Century Foundation', skryf "ons beleef 'n *ongewone era* in terme van die verhouding wat die VSA met die nuwe Europa het" en dat die proses van integrasie van Europese nasies van "besondere belang is" (*Rethinking Europe's Future*, Calleo, bl. xii-xiii).

Waarom is die huidige poging om Europa te verenig so betekenisvol? Waarom word die geskiedenis skielik versnel? Wat hou die toekoms in? Verbasend genoeg wil dit voorkom dat niemand weet waarom nie – nie eers die "gesaghebbendes" oor buitelandse verhoudings is nie! David Calleo, direkteur van Europese Studies by die Johns Hopkins Universiteit sê 'aangesien Europa met stampe en stote deur die vorige eeu gekom het, *kan niemand met soveel sekerheid* voorspel wat hul lot gaan wees nie. Daar is te veel onvoorspelbare elemente' (*ibid.*, bl. 1).

Tog is Calleo se bewering nie waar nie! Daar *is* bronne wat wel verduidelik wat die belangrikheid van gebeure in Europa is, waarom dit gebeur en *waartoe* dit

aanleiding sal gee! Hierdie bronne word deur die 'babbelende klasse' oftewel die hedendaagse media en geleerdes vergeet of geïgnoreer. Dr. Kissinger het openhartig opgemerk dat moderne joernaliste en politieke leiers geneig is om op "die krisis van die oomblik" te fokus, aangesien hulle die produk is van 'n opvoedingstelsel wat min klem op geskiedenis plaas" (Kissinger, bl. 30). Hy betreur die feit dat sedert die "studie van geskiedenis en filosofie [godsdien], die vakgebiede wat die toepaslikste is om die kuns van staatsleierskap te vervolmaak, *oral verwaarloos word*". Hedendaagse geslagte, aldus Kissinger, begryp nie hoe huidige gebeure in die verloop van geskiedenis inpas nie – mense sien of verstaan eenvoudig nie die geheelbeeld nie" (*ibid.*, bl. 30, 286).

Bybelprofesie wat die toekoms openbaar, word *geïgnoreer* en Bybelse weergawes wat belangrike perspektiewe op wêreldgebeure werp, word *afgemaak*. Dit is egter uiters onwys om hierdie

noodsaaklike Bybelse dimensie te ignoreer terwyl dramatiese gebeurtenisse ons hedendaagse wêreld verander. Die Bybelse weergawe van die Toring van Babel is 'n goeie voorbeeld.

### Die Toring van Babel

Die Toring van Babel is nie net 'n denkbeeldige storie nie, ook is dit nie bloot fabelagtige beeldspraak nie. Dit is 'n sorgvuldige vertelling wat belangrike lesse vir die mensdom inhou. Die oprigting van die toring hou verband met 'n sentrale gebeurtenis wat die geskiedenis van die ganse mensdom beïnvloed het. Die stad en die Toring van Babel het deel gevorm van 'n koninkryk (die eerste keer dat die Skrif hierdie woord gebruik) wat deur Nimrod, 'n agterkleinkind van Noag, in Babilonië en Assirië gestig is. Dit stem ooreen met die hedendaagse Irak. Nimrod het die eerste ryk na die vloed gestig (Genesis 10:10). Die Bybel sê dat hy “begin [het] om 'n geweldenaar op die aarde te wees” en “hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE (verse 8-9). Op die keper beskou, klink dit onskuldig genoeg, tog beteken die naam Nimrod “'n held” of “om te rebelleer”. Die uitdrukking “geweldenaar” is afkomstig van die Hebreeuse woord *gibbor* wat “krygsman, sterkman of tiran” beteken. Die Chaldese omskrywing van 1 Kronieke 1:10 lees: “Kus was die vader van Nimrod, wie geseëvier het in boosheid, want hy het onskuldige

bloed gestort, en teen Jehova gerebelleer”. (*The Companion Bible*, Bylaag 28). Sekulêre bronne dui aan dat Nimrod 'n groot, kragtige man was – 'n eersugtige krygsman wat mense gejag en 'n koninkryk opgebou het deur te plunder, te verower, te bedrieg en deur tirannie (sien *The Antiquities of the Jews*, Josephus, Boek 1, hoofstuk 4; ook die *Jerusalem Targum*). Nimrod se opstand het die stelsel van politieke en militêre wedywing en konflik laat ontketen wat sy merk op die verloop van menslike geskiedenis gelaat het.

Ten einde die integrasie van volke te bevorder en eenheid in sy koninkryk te koester, het Nimrod reuse bouprojekte aangepak – die oprigting van versterkte stede en reuse openbare geboue soos die Toring van Babel. Die eerste stede wat deur hoë mure omring is, word in hierdie streek aangetref. Die Bybelse verklaring, “Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons *vir ons 'n naam maak*, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie” onthul dat *menslike ydelheid* Nimrod se beleid gemotiveer het (Genesis 11:4). Die bou van 'n indrukwekkende en magtige ommuurde stad met 'n hoë toring, het groter aansien aan die bouers verleen. Deur 'n keiserryk van baie stede te maak, het Nimrod op militêre, ekonomiese en politieke terreine die oorhand oor die omliggende streek gevoer. Beide die Bybel en sekulêre bronne dui daarop dat

Nimrod 'n *wêreldryk* nagestreef het.

Die opkoms van Nimrod se keiserryk was 'n belangrike keerpunt in wêreldgeskiedenis. Nimrod het gesorg vir 'n patroon van opstandigheid teen God se instruksies en om 'n koninkryk te bou deur trots gemotiveerde verowering, onderwerping en magsoorheersing wat deur die eeue voortgeduur het. Dit is waarom God ingegryp het deur die tale by die Toring van Babel in verwarring te bring, met die gevolg dat die bouproses doodgeloop het! Die patroon wat Nimrod by Babel daargestel het, eindig egter nie hier nie. Babilon en Ninevé, as twee van die prominentste stede van die antieke wêreld, het Nimrod se idees wyd en syd versprei. In die Bybel word Babilon sinoniem met elke moontlike kwaaddenkende praktyk gestel. Babilon en Irak verskyn opvallend in profesieë wat die eindtyd raak, dus is dit baie belangrik dat ons hierdie belangrike Bybelse vertellings verstaan. Wat het dit egter met hedendaagse Europa te doen?

### Hedendaagse Europa

Die argitekte van die Europese Unie erken die ooreenkoms tussen die Toring van Babel en hul pogings om 'n nuwe Europa “op te rig”. Die Europese Raad het 'n plakkaat van die Toring van Babel gebruik om die opbou van Europa 'n hupstoot te gee. Toergroepe wat deur die EU se parlementêre kantore in Brussel geneem word, luister na 'n bandopname wat die

vele tale van afgevaardigdes vergelyk met 'n “moderne Toring van Babel”. Teenstanders verwys na die EU as die “Babelse Snelrein”, gebaseer op die vergelyking van 'n wegholtrein wat op “Eurospraak” – hoogdrawende welsprekendheid en stemwerwingspolitiek – gebaseer is. Verbasend genoeg strek die betekenisvolle ooreenkomste baie dieper.

Die basiese gesindheid wat die bouers van die stad en die Toring van Babel gemotiveer het, was 'n begeerte vir mag en aansien. *Daardie selfde motief* is diepgewortel in die begeerte om 'n verenigde Europa op die been te bring. In die jare na die Eerste Wêreldoorlog, het Europa die posisie van wêreldleierskap aan die VSA en die Sowjet-Unie afgestaan. Intellektuele hoëlui van die vasteland het vereniging as die enigste weg gesien om Europa se agteruitgang om te keer. Die huidige poging tot Europese integrasie is om weer 'n leidende rol op die wêreldtoneel te herwin. Die Duitse minister van buitelandse sake, Joschka Fischer, het gesê: “Europa sal slegs haar *verdiende rol* in globale ekonomiese en politieke kompetisie inneem as ons moedig vorentoe beweeg”. Margaret Thatcher het opgemerk dat Europa se “ambisie om haarself sterk te vestig ongeëwenaard is, maar ... die poging om 'n rol op die wêreldtoneel te speel is 'n universele verleentheid” (*Thatcher*, bl. 342). Die planne om 'n Europese weermag op die been te bring, is sterk deur

politiek gemotiveer – om Europa 'n *gevoel van identiteit* te gee – nie blote militêre oorwegings nie.

Net soos Nimrod groot bouprojekte georganiseer het om die mense van sy koninkryk te verenig, so behels die bou van Europa ook verskeie projekte wat tegelykertyd plaasvind: die instelling van 'n gemeenskaplike geldeenheid, 'n sentrale bank, gemeenskaplike wette, 'n kontinentale regstelsel en polisiemag, 'n Europese weermag, 'n gemeenskaplike buitelandse beleid en 'n grondwet. 'n Hoofdoelwit is die uitkakeling van individuele state deur die kombinerings (oorgawe) van nasionale oppergesag aan supranasionale Europese instellings. Die stigters glo dat die enigste manier om vrede te waarborg en toekomstige oorloë in Europa te verhoed, die stigting van 'n Europese superstaat is. Europese tegnokrate beskou klein nasies as 'n outydse wyse van organisasie wat nie in ons hedendaagse globale wêreld inpas nie. Iemand wat nie hierdie onafwendbaarheid erken nie, sê hulle, is uit voeling met die realiteit en staan in die pad van vooruitgang.

Hoe geldig is hierdie hoë ideale? Is die vereniging van Europa die enigste hoop vir die toekoms? Steun die rekord van die geskiedenis hierdie ambisieuse onderneming? Sal die reuse eksperiment om 'n groter en verenigde Europa te bou, daarin slaag om vrede na 'n verdeelde vasteland te bring, of sal dit onverwags faal – soos die Toring van Babel?

## 'n Skadukant

Die stigters van die nuwe Europa wil die vereniging van die Romeinse Ryk herstel. Die koninkryk van Karel die Grote, en die Middeleeuse “Heilige Romeinse Ryk” word ook as voorbeelde van 'n verenigde vasteland voorgelê. Tog was hierdie koninkryke nie juis goeie voorbeelde van vrede, harmonie of eensgesindheid nie. Die “Christendom” wat deur die Romeinse Ryk aangeneem is, was vermeng met heidendom aangesien teenstrydige leerstellings beide kerk en ryk geskei het. Karel die Grote het sy “Christen”-koninkryk deur militêre oorwinnings uitgebrei en bekerings het dikwels aan die punt van die swaard plaasgevind. Gedurende die Middeleeuse “Christendom” was daar bitter wedywering tussen pouse en keisers wat in die hartjie van Europa teen mekaar oorlog gevoer het. Napoleon het ook probeer om Europa te verenig onder die kroon van die “Heilige Romeinse Keiser”. Sy doel was om die landkaart van Europa te verander, om 'n gemeenskaplike regstelsel daar te stel en om met die mag van die Franse leer vrede op die geteisterde vasteland te bewerkstellig. Minder as 'n eeu later het Hitler 'n soortgelyke weg gevolg, maar dié keer met behulp van die Duitse militêre mag.

Die les wat geskiedenis ons leer is dat al hierdie pogings nie daarin geslaag het om blywende eenheid en vrede op hierdie oorloggeteisterde vasteland te bring nie. Trouens, een rede

waarom Europa 'n bloedbevleekte geskiedenis het, is die herhaalde stryd om 'n enkele koninkryk onder een leier en een geloof te stig. Dit is dan die ware vrug van die stelsel wat deur Nimrod by die Toring van Babel uit oorwinning, oorheersing en mag geïnisieer is. Hierdie geskiedenis strek oor 'n tydperk van meer as 4 000 jaar!

Miskien is die mees verbasende aspek van die huidige poging om 'n verenigde Europa te stig, die werklike *nalatenskap* van bepalings, planne en idees wat in die oprigting van die nuwe Europa aangewend word. Alhoewel geskiedkundiges erken dat die Nazi's en Fasciste die doel en glorie van 'n verenigde Europa bevorder het, geniet hierdie onderwerp deesdae min aandag. Tog maak toeganklike geskiedkundige dokumente die *verstommende* feit bekend dat soortgelyke planne, doelwitte en terminologie tans voorgestel word! Die “nuwe” Europa word gebou volgens bloudrukke wat in die veertigerjare in Duitsland opgetrek is. Soos een geleerde vra: “Is dit moontlik dat die edele konsep van 'n Verenigde Europa met idees *besmet is* wat in die dokumente [toesprake en skrywes van prominente Nazi's en Fasciste] wat hier versamel is, voorkom? **Die antwoord moet JA wees!**” (*Documents on the History of European Integration*, Lipgens, bl. 53). Hierdie geleerde poog om te rasionaliseer dat die ooglopende ooreenkoms “niks te doen het met enige intellektuele persoon nie, nog minder met morele affiniteit” (*ibid.*). Tog is dit

skaars geloofwaardig aangesien die Duitse bloudrukke om Europa te verenig, geskep is deur 'n “geslag van Duitssprekende intellektuele ondersteuners van die Nazi-beweging” (*The Rebirth of the West*, Duignan & Gann, bl. 2).

Wanneer 'n mens dokumente uit die oorlog lees, wat planne vir 'n Nuwe Orde in Europa beskryf, kry jy 'n vreemde gevoel dat jy vandag se nuus lees. Selfs die terminologie is dieselfde! Mussolini het verklaar: “Europa mag weereens aan die v o o r p u n t v a n ' n wêreldbeskawing staan indien sy 'n greintjie politieke eenheid kan ontwikkel” (*The Tainted Source*, Laughland, bl. 47). Hitler het gepraat van die behoefte om “weg te doen met die mengelmoes klein volke” in Europa en dat “slegs die Duitsers Europa werklik kan organiseer ... daarna is die weg na *wêreldoorheersing* byna 'n uitgemaakte saak” (Lipgens, bl. 10). Die Nazi's se plan was om Duitsland en Italië die sentrale punt van die vastelandse vereniging te maak, “die middelpunt van Europa waarom die res van die vasteland sou draai” (*ibid.*, bl. 10). Vandag is daardie *kern* Frankryk en Duitsland en die as van die nuwe Europa loop tussen Parys en Berlyn. Europa is deur die Nazi visie as 'n “reuse bouverseel” gesien waarop 'n helder toekoms gebou word (*ibid.*, bl. 56). Daar is vandag nog sprake van die bou en oprig van die struktuur van 'n nuwe Europa. Geleerdes wat ten gunste van 'n Nazi-Duitsland is,

het 'n breedvoerige plan uitgedink om die kaart van Europa oor te teken en 'n Europese Gemeenskap met 'n eenvormige geldeenheid en 'n eenvormige landboukundige staatsbeleid te stig (*ibid.*, bl. 123-162). Nazi propaganda roep 'n vreedsame Europa voor oë, waar konflik in Europa sou verdwyn. Dieselfde temas word vandag nog gehoor.

In 1940 het Joseph Goebbels juigend gesê: “Ons het die geleentheid om Europa te herorganiseer ... die grootste historiese toneelstuk in die geskiedenis word op hierdie tydstip afgespeel” (*ibid.*, bl. 73-74). Hy het ook gewaarsku dat “geen enkele Europese nasie toegelaat mag word om in die pad te staan van die algemene proses van organisasie nie” (*ibid.*, bl. 75). 'n Nazi amptenaar, wat frases gebruik wat herinner aan antieke Babilon (sien Genesis 11:3-4; Daniël 4:28-30), verkondig dat Berlyn “die magtigste en mooiste stad in die wêreld sal word ... die middelpunt van Europa ... 'n magneet” in die hartjie van Europa” (*ibid.*, bl. 98). In 1990 beskryf Joschka Fischer “die unieke geleentheid om ons vasteland te verenig” en dat 'n Europese kern die *swaartepunt* sou wees en soos 'n *magneet* sou optree in die hartjie van Europa. Hy het gepraat van die stigting van 'n nuwe orde in Europa en gewaarsku dat nasies wat nie wou verenig nie “die ander *nie kan verhoed* om dit te doen nie”.

In 1941 het Hitler verklaar dat “die toekoms nie aan die

verspotte, semi-beskaafde Amerikaners behoort nie, maar aan die pas ontstaande Europa” (Lipgens, bl. 89). Nazi leiers het gepraat van “Duitsland se sending” om die volke van Europa te verenig. In die vyftiger jare het Duitse Kanselier Konrad Adenauer gesê: “Duitsland het 'n goddelike sending om Wes-Europa te red”. Helmut Kohl voer aan dat die “toekoms aan die Duitsers behoort ... wanneer ons die huis van Europa bou” (*The Principality and Power of Europe*, Hilton, bl. 39). Nazi's en Fasciste gebruik anti-Amerikaanse en anti-Britse slagspreuke om hulle nuwe Europa te bevorder. Nazi leiers was berug daarvoor dat hulle nie hul ware doelstellings vir die oorheersing van Europa bekend gemaak het nie. Vandag is dit steeds so in Europa. Die Nazi's het telkemale leuens vertel oor hul voornemens. Verslaggewers wat ondersoek doen, het 'n soortgelyke patroon in die EU opgemerk; een boek oor die EU is getiteld *The Castle of Lies* (Booker & North, 1997).

Terwyl die huidige argitekte van Europa dalk nie waardering het vir die verbintenis tussen hulle idees en die Nazi's en Fasciste se planne tydens die oorlogsjare nie, toon stellings van opeenvolgende Europese leiers dat die Nazi-era se idees vandag steeds staan! Die stilte van geleerdes en hedendaagse voorstanders van Europese eenwording oor hierdie duidelike oorvleueling is merkwaardig – en onheilspellend. Die Bybel onthul dat die ware oorsprong van windmakerige gekonkel om

ander deur middel van wapens of slim planne te oorheers, by Nimrod en die Toring van Babel ontstaan het. Met so 'n oorsprong behoort die toekoms nie 'n verrassing te wees nie.

### Toekomstige probleme

Die eenwording van Europa is 'n ou droom met 'n kleurvolle, dog bevleekte verlede. Dit is ook 'n bedwelmende idee – een van profetiese belang. Talle Europeërs is vandag begeester deur hierdie aanloklike visie, selfs al bewys “geskiedenis duidelik die vrugteloosheid en gevaar daarvan om die Europese state tot 'n enkele sentrale mag saam te snoer” (*Calleo*, bl. 343). Tog is Europa se stigters blind wanneer dit kom by die lesse wat uit die geskiedenis geleer kan word, onbewus van profesie en gou om die waarskuwings van kritici te ignoreer. Dit voorspel niks goeds vir die toekoms nie.

Die Europese huis is 'n delikate struktuur wat op 'n wankelrige fondasie van sinsbedrog, veronderstellings en misverstande gebou is. Die boumeesters van Europa neem aan dat samesmelting, onderhandeling, eenstemmigheid en uitsprake teen vyandiggesindheid genoeg is om oorlog op die vasteland te verhoed. Tog is “die ooglopendste algemene kenmerk” van dié voorstanders van vrede se veronderstellings hul bykans algehele versuim om die verloop van geskiedenis te verander” (*The Question of Europe*, Gowan, bl. 99). Die Bybel sê

duidelik dat die mens nie die pad na vrede ken nie (Jesaja 59:8). Die gewilde nuwe veronderstelling is dat een demokrasie nie teen 'n ander demokrasie sal oorlog voer nie (*Calleo*, bl. 5, 357). Die Europese demokratiese state se poging om 'n eenparige beleid oor Irak in te neem, het ernstige verdeeldheid tot gevolg gehad. Hoewel integrasie beskou word as die weg na welvaart en volle werkverskaffing, het werkloosheid in Europa kommerwekkende vlakke bereik. Die “welvarendheid” waarvoor Europese welsynstate sorg, word bedreig deur minder jong werkers wat 'n verouderende bevolking moet onderhou.

Veronderstellings dat Europese eenwording onafwendbaar – selfs 'n vereiste deur ons wêreld ekonomie – is, word skepties aanvaar deur diegene wat onthou dat Duitse staatkundige teoretici tydens die dertiger- en veertigerjare van die “wette van leefruimte” gepraat het en verklaar het dat “Europese eenwording 'n uitgemaakte ontwikkeling sou wees, ooreenkomstig die ongenaakbare wette van geskiedenis” (Lipgens, bl. 95, 111). Peter Rietbergen, die Nederlandse historikus, het opgemerk “dat indien daar enigiets uit die verlede te leer is, is dit dat idees wat as absoluut geldig voorgehou word, altyd gevaarlik is” (*Europe: A Cultural History*, xxiii).

Terwyl kontinentale beplanners 'n Verenigde State van Europa voorstel, sien ander



weer 'n “gevaarlike lugspieëling” (Gowan, bl. 84). Die “astrante” Frans-Duitse poging om nouer bande te smee, word ook gesien as “die groot dobbelspel” en 'n “projek ... wat waarskynlik sal misluk” (*ibid.*, bl. 123). Margaret Thatcher het die poging om Europa te verenig as 'n “klassieke utopiese projek” beskryf, “'n monument aan die *ydelheid* van die intellektuele persoon, 'n program wat onvermydelik tot mislukking bestem is... Ek voorspel ... dat so 'n onnodige en irrasionele projek in die toekoms bestempel sal word as die *grootste dwaasheid* van die moderne eeu” (*Thatcher*, bl. 359, 410). Selfs die pous het opgemerk dat pogings om Europa op 'n sekulêre fondasie te bou “binne 'n dekade sou ineens stort” (*The Economist*, 24 Augustus 2002, bl. 43). Die Bybel verklaar: “As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou” (Psalm 127:1).

Beide geskiedenis en die Bybel dui aan dat daar niks nuuts of onvermydelik is in die nuutste poging om die nasies van Europa te verenig nie. Terwyl geleerdes maan dat die “toekoms onvoorspelbaar is”, voorspel Bybelprofesie wat voorlê. Die Skrif beskryf die *moderne* Babilon wat deel sal vorm van die eindtydse militêre-ekonomiese stelsel met wêreldwye bande. Hierdie kragtige dog broos samesmelting (yster en klei, vgl. Daniël 2:40-43) sal op die wêreldtoneel verskyn *net voor Jesus Christus se Wederkoms*. Uiterlik sal hierdie stelsel rykdom en mag, maar innerlik sal dit goddeloos, omkoopbaar en uitbuitend wees. Dit sal saamgestel word uit tien leiers wat vir 'n kort tydperk van drie-en-'n-half jaar hulle mag aan 'n staatkundige leier sal oorgee. Tog, net soos Nimrod se Toring van Babel, sal hierdie

hedendaagse Babiloniese stelsel 'n *omwentelende einde* ervaar (Openbaring 17-18). Hierdie laaste herlewing van mense se windmakerige planne sal deur God se direkte ingryping tot 'n einde gebring word, wanneer Jesus Christus terugkom om die Koninkryk van God tot stand te bring. Byna 2 500 jaar gelede het die profeet Daniël aan die Babiloniese koning Nebukadneser 'n droom verduidelik. Hy het aan hom bekend gemaak “in die tyd van hierdie [tien] konings sal die God van die hemel 'n koninkryk stig wat nooit sal verval nie”. Daniël het verder verklaar “die droom is waar en oor die uitleg is daar geen twyfel nie” (Daniël 2:44-45).

Die versnelling van geskiedkundige gebeurtenisse wat ons vandag gadeslaan, dui aan dat die eindtyd in die nabye toekoms sal wees. Besef *u* wat aan die kom is? Sal u gereed wees? [WvM](#)

### Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

opstanding aan Sy dissipels verskyn en voortgegaan het om “die Koninkryk van God” te onderrig – die volle boodskap oor Sy Wederkoms en die *wêreldregering* wat Hy gaan vestig wanneer Hy terugkeer as “Koning van konings”. Toe Jesus se dissipels Hom reguit vra, “Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?”, het Hy geantwoord: “Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie” (Handelinge 1:6-7). Christus het duidelik aangedui dat die dissipels se afgagting van 'n letterlike regering vervul sal word, maar op 'n *latere stadium* wat nog nie aan hulle geopenbaar is nie. Spoedig het twee engele verskyn en verkondig, “Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net **so kom** soos

julle Hom na die hemel sien wegvaar het” (vers 11).

Die kragtige verkondiging van hierdie boodskap deur die Apostels – dat Christus sal terugkeer om Sy Koninkryk te kom vestig – het die beskuldiging teweeg gebring dat hulle “die wêreld in opstand bring” (Handelinge 17:6), en dat hulle verkondig het dat “daar 'n ander **koning** is, *naamlik* Jesus” (vers 7).

Die apostel Paulus is geïnspireer om te skryf: “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:51-52). Die apostel Johannes het ook oor die laaste basuin

**Vervolg op bladsy 28**

# Sal u die Aarde beërwe?

Deur Richard F. Ames

*Jesus sê dat die sagmoediges **die aarde** sal beërwe, maar miljoene mense glo dat hulle **hemel** toe sal gaan wanneer hulle sterf. Wat sê u Bybel **werklik**?*

**M**iljoene – moontlik selfs miljarde – mense glo dat die heerlijkheid van die hemel die beloning van diegene wat gered is, sal wees. Hierdie oortuiging word nie net gedeel deur die meeste mense wat hulself Christene noem nie, maar ook deur lede van baie ander godsdienste regoor die wêreld.

Christene glo in die woorde van Jesus Christus. Jesus gee party van Sy mees basies en fundamentele leringe in dit wat gewoonlik die “Bergpredikasie” genoem word (Mattheus 5-7). Hoe het Hy Sy lering begin? “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe” (Mattheus 5:3-5).

Let noukeurig op: Het Jesus gesê dat die armes van gees hemel toe sal gaan terwyl die sagmoediges die aarde sal beërwe? Nee! Hy sê dat die armes van gees geseën sou word met die Koninkryk **van** die hemele. Die Koninkryk **van** die hemel sal na die aarde kom wanneer Christus terugkeer! Dit is wanneer diegene wat gered is, opgewek sal word en die koninkryk sal beërwe.

Jesus leer ons om te bid “laat u koninkryk kom” (Mattheus 6:10). Het Hy gevra dat ons moet bid vir iets om te kom wat reeds hier is? Indien die Koninkryk hier is, waarom ervaar die wêreld sulke verskrikings soos die twee groot Wêreldoorloë van die afgelope eeu, asook die verskriklike volksmoorde wat geloods is teen Armeniërs, Jode, Kambodjane en vele ander? Selfs vandag veg een uit elke agt nasies 'n burgeroorlog (*The Economist*, 22 Mei 2003). Ja, die wêreld *het nodig* dat God se Koninkryk kom.

Christus het onderrig dat daar 'n Groot Verdrukking sou wees voordat Sy Koninkryk kom. Hoe erg sou hierdie verdrukking wees? Hy sê: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” (Mattheus 24:22). Gelukkig het Christus beloof om in te gryp en deur Sy Wederkoms 'n einde te maak aan die vegtende mensdom se pogings om die aarde te vernietig. Indien u wêreldgebeure noukeurig dophou, sal u

besef dat tensy God ingryp, huidige militêre tendense sou lei tot algehele wêreldvernietiging – die vernietiging van die mensdom. Sedert die eerste atoombom in 1945 oor Hiroshima ontsteek is, het die mensdom die mag gehad om hulself met soveel gemak te vernietig as wat nog nooit in die geskiedenis bekend was nie. Sedertdien het tegnologie ook baie vooruitgegaan! Indien hulle aan hulself oorgelaat word, sal vegtende nasies hulself uiteindelik vernietig.

My vriende, die Koninkryk van God is **nie** reeds hier nie! Jesus Christus voer nog nie Sy heerskappy oor die ganse aarde uit nie, anders sou daar nie die chaos en vernietiging wees wat ons nou sien nie. Christus moet terugkom om alle nasies te red – geestelik en fisies.

Gelukkig kom Hy binnekort om die aarde fisies te red en Hy het 'n plan vir die geestelike saligmaking van die mensdom. Hy onthul daardie plan deur die Heilige Dae, wat Jesus Christus en die Apostels onderhou het – en wat hulle die eerste Christene geleer onderhou het. Die meeste belydende Christene weet dat die eerste stap in hierdie plan om die mensdom te red, is die verlossing wat God aan bekeerde sondaars gee, deur die bloed van Jesus Christus. Baie mense besef egter nie dat Jesus en die Apostels Sy opoffering en Sy saligmaking herdenk deur die viering van die Nuwe Testamentiese Pasga, met ongesuurde brood en wyn, nie. Christus en die Apostels het hierdie jaarlikse herdenking gehou en Christene opdrag gegee om dieselfde te doen.

Let op hoe die apostel Paulus Jesus se opoffering benadruk het: “Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korinthiërs 5:7). In net die volgende vers sê Paulus selfs vir die Grieke om die Fees te onderhou – die Fees van Ongesuurde Brode. U sal hierdie terminologie dalk ongewoon vind, maar vir diegene wat Jesus Christus wil volg, is dit noodsaaklik – en vol hoop en bemoediging! Jesus het nooit Kersfees of Paasfees gevier nie, ook nie die Apostels of die Christene vir wie hulle onderrig gegee het nie. Van die begin af het Christene die **Bybelse** feeste

onderhou, in navolging van Jesus se eie voorbeeld. Om meer te wete te kom oor die ware Bybelse feeste wat die stappe in God se plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld, versoek asseblief u gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Die Heilige Dae: God se Meesterplan*.

### Waar is die Koninkryk?

Die apostel Johannes verduidelik dat God Sy dienaars geroep en hulle “uit elke stam en taal en volk en nasie” gekoop het (Openbaring 5:9). Wat sal hul lotsbestemming wees? Sal hulle hemel toe gaan? Die apostel Johannes verduidelik in die daaropvolgende vers: “En het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde** heers” (Openbaring 5:10).

God het nie aangebied om ons te red sodat ons luilekker in die hemel kon rus nie. Hy roep ons om konings en priesters te word, wat Jesus Christus – die Koning van konings – sal bystaan in die vestiging van blywende vrede op aarde. Dit is waarom Jesus gesê het dat die sagmoediges – diegene wat Jesus in nederigheid navolg eerder as hul eie wil – die aarde sal beërwe. Wanneer ons bid, “Laat U Koninkryk kom”, bid ons vir die koms van daardie Koninkryk wat vrede na die ganse mensdom sal bring en waarin getroue Christene hul geliefde Verlosser, Jesus Christus, as konings en priesters onder Sy leidingsal dien.

Deur die jare het party mense onderrig dat die kerk God se Koninkryk op aarde is. Ander glo dat die Koninkryk in jou hart is. God se Koninkryk is egter 'n letterlike koninkryk met Jesus Christus as Koning!

Wat presies **is** 'n koninkryk? Elke koninkryk bestaan uit vier basiese elemente: 'n heerser, grondgebied, wette en onderdane. Hoe is dit egter op God se Koninkryk van toepassing?

Wie is die heerser van God se Koninkryk? Die Bybel beantwoord hierdie vraag op verskeie plekke. Let op wat die apostel Johannes skryf: “Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self” (Openbaring 19:11-12). Jesus Christus sal as seëvierende Koning na die aarde terugkeer met baie krone op sy hoof!

Hier is nog 'n beskrywing van Jesus se voorkoms met Sy Wederkoms: “En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die

Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:13-16).

Ja, die Heerser van die eerskomende Koninkryk van God sal Jesus Christus Self wees! Bid u “laat u koninkryk kom”? Sien u gretig daarna uit na Jesus se terugkeer na hierdie aarde toe? Die apostel Johannes het beslis. Johannes sluit die voorlaaste vers in die Bybel af met sy gebed en innige hoop: “Ja kom, Here Jesus!” (Openbaring 22:20).

Wanneer Jesus Christus kom, sal die ganse aarde Sy grondgebied wees! Boonop sal die ganse mensdom aan Hom onderdanig wees. Die Skrif verduidelik dat die hele wêreld die vredesweg sal leer. Mense sal jaarliks Jerusalem toe gaan om hul Koning te aanbid. Die ganse aarde sal leer om dieselfde Bybelse Heilige Dae as Jesus Christus en die Apostels te onderhou. “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier” (Sagaria 14:16).

Alle nasies op aarde sal die Koning aanbid en die huttefees vier. Baie mense besef nie dat die Heilige Dae steeds vir hedendaagse Christene vol betekenis is nie. Die Nuwe Testamentiese Kerk is op die dag van die Pinksterfees gestig, hoewel baie mense deesdae uit die oog verloor dat Pinkster een van die Bybelse Heilige Dae is wat God vir Sy mense gegee het. Ons lees in Handeling 1 dat skares mense saamgedrom het om die Pinksterfees te onderhou toe die Apostels vir hulle gepreek en duisende mense hulle bekeer het. Die mense was byeen om die dag te onderhou omdat dit 'n Bybelse bevel is! Aldus die *NIV Study Bible* heet “Pinkster ook die fees van die weke (Deuteronomium 16:10), die fees van die oes (Eksodus 23:16) en die dag van die eersteling (Numeri 28:26)” (bl. 1,645). Ware Christene vandag begryp dat die Pinksterfees daardie tydperk in God se plan van verlossing vier wanneer Hy die “eersteling” in hierdie huidige tyd tot verlossing roep en hulle voorberei om tydens die Millennium onder Christus te regeer.

### Wat is die “Evangelie”?

Jesus Christus, die Messias, het 'n boodskap

verkondig wat baie mense **glo** hulle mee vertrou is, maar wat verbasend min mense werklik **verstaan**. Wat het Jesus gepreek? “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15). Jesus het onderrig dat dit tyd was om op te hou sondig, Sy boodskap te glo en voor te berei vir die eerskomende Koninkryk van God.

Het **u** uself bekeer? Om “bekeerd te raak” beteken om te bekén dat u gesondig het – die Tien Gebooié, God se Wet, oortree het. Dit beteken nie net om berou uit te spreek en u sonde te verafsku nie, maar om daardie sonde soveel te haat dat u uself daarvan wegkeer en begin om 'n nuwe lewe sonder daardie sonde te leef. Bekering beteken dat u – met God se hulp – uself verbind om u lewe te verander. Wat is sonde? Johannes skryf: “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4). Soos die Nuwe Vertaling dit stel: “Sonde is immers oortreding van die wet van God”.

U kan nie die evangelie **glo** tensy u dit **verstaan** nie! Baie mense wat **sê** dat hulle in Jesus Christus glo, glo nie wat Hy gepreek het nie – of tree nie daarvolgens op nie. Jesus vra: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Indien u werklik 'n Christen is, sal u doen wat Jesus beveel het. Indien u werklik 'n Christen word, sal u Jesus nie net op die een of ander abstrakte wyse as 'n “Verlosser” aanvaar wat u nie gehoorsaam nie, maar as u Heer en Meester wat u nastreef om met die hulp van die Heilige Gees te gehoorsaam. Soos Paulus skryf: “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam” (1 Korinthiërs 6:19-20).

Ware Christendom is 'n leefwyse. Sodra u u bekeer, die evangelie glo en u lewe aan Jesus Christus oorgee deur gedoop te word, kan Hy deur die Heilige Gees in u leef. Dan kan u as Christen groei en u lewe omkeer van 'n lewe van selfsug na een van diens en liefde vir God en u medemens. Diegene wat God vandag roep, word nie bloot geroep vir hul eie saligmaking nie; Hy roep hulle ter voorbereiding vir diens in Sy komende Koninkryk as konings en priesters, soos ons vroeër gesien het. Hul eerste geleentheid om te regeer kom in die Millennium – die duisendjaar tydperk wat in u Bybel beskryf word wanneer Jesus 'n gesonde aarde sal regeer. Soos Johannes skryf: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal

priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

### Van waar af sal Christus regeer?

Van waar af sal Jesus op die aarde regeer? Vanuit Jerusalem. Hysê: “Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon” (Sagaria 8:3). Trouens, wanneer Hy regeer, sal Jerusalem 'n nuwe naam hê. Die heel laaste vers in Esegïel sê “die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!” (Esegïel 48:35). In Hebreeus is daardie naam *Yahweh Shama*. Hy sal van daar af oor Sy Koninkryk regeer: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:9).

Wanneer Christus terugkom om die aarde te regeer, sal Hy en die verheerlikte heiliges oor die nasies regeer – oor fisiese mense. Christus sal die nasies die leefwyse leer wat vrede voortbring. Vandag se Christene – verwek as geesteswesens (die “eersteling”) – sal onder Sy leiding as konings en priesters regeer oor stede en nasies (sien Lukas 19:17; Openbaring 2:26). Hierdie konings en priesters sal die wêreld opvoed oor God se Waarheid. Let op hierdie besielende teksvers wat diegene beskryf wat God se weë gedurende die Millennium geleer sal word: “Die HERE gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien” (Jesaja 30:20). **U** kan een van daardie leraars wees. En wat sal die verheerlikte heiliges – die konings en priesters – onderrig? “En jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (vers 21).

In die Millennium sal leermeesters God se Wet onderrig. Die profeet Jesaja gee vir ons 'n inspirerende voorsmakie van wat sal kom: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:2-3).

Die mens se dikwels teenstrydige en onregverdige wette sal nie meer bestaan nie. God se wette sal vanuit Jerusalem onderrig en geadministreer word. Die Tien Gebooié is ook die grondslag van daardie wette. Onthou, Jesus het gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou

**Vervolg op bladsy 26**

# Vrae & Antwoorde

**Vraag:** Baie mense glo dat 'n mens se siel of gees van die liggaam geskei kan word en dan na veraf plekke buite die liggaam se bereik kan reis. Dit is nie net 'n "New Age" of "Oosterse" godsdiensopvatting nie; selfs party mense wat hulself Christene noem glo in "astrale projeksie" of "buite-liggaamlike ervarings". Onderrig die Bybel in 2 Korinthiërs 12:2-4 dat 'n mens se siel en gees buite die liggaam kan funksioneer?

**Antwoord:** Baie mense het stories vertel dat hulle 'n "buite-liggaamlike ervaring" gehad het gedurende operasies of dat hulle "astrale projeksie" beoefen (waarin die siel kwansuis na veraf plekke reis terwyl die liggaam agterbly). Het die apostel Paulus 'n soortgelyke ervaring beskryf? Die antwoord kan u moontlik verras!

In 2 Korinthiërs 12:2-4, soos in die voorafgaande twee hoofstukke, het Paulus sy eie ervarings as leraar van die ware evangelie beskryf. Hy skryf: "Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit – dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit – dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie."

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus in die vorige vers (vers 1), verduidelik dat hy "tot gesigte en openbaringe" van die Here kom. Die woord wat as "gesigte" vertaal is, is in die Grieks *optasia*, wat beteken "n gesig of visioen wat aan iemand voorgehou word, hetsy wanneer hy/sy wakker is of slaap". Die woord wat as "openbaringe" vertaal is, is die Griekse woord *apokalupsis* wat beteken "om bloot te lê, om die waarheid te onthul, opdrag aangaande dinge wat voorheen onbekend was". In hierdie verse erken Paulus dat hy nie fisiese ervarings oorvertel het nie.

Het Paulus egter 'n buite-liggaamlike ervaring beskryf? Hy vertel ons dat sy fisiese ervaring so intens was dat hy nie kon sê of dit 'n blote visioen in sy gedagtes was, en of hy werklik hemel toe geneem is nie. Hoewel Paulus aan die begin van 2 Korinthiërs 12 duidelik oor visioene praat, het hierdie bepaalde visioen so werklik gevoel dat hy nie in staat was om te verduidelik wat gebeur het nie, behalwe dat hy gevoel het of hy "buite die

liggaam" was. Paulus het egter nie sy eie gevolgtrekking gemaak nie; hy sê eenvoudig – twee keer – "God weet [nie Paulus nie]" wat die aard van sy geestelike visioen van die Paradys was.

Nog 'n soortgelyke teksgedeelte kan ons help om Paulus se woordkeuse in sy gepaste konteks te beskou. Hy skryf aan die Kolossense: "Want al is ek ook na die vlees afwesig, tog is ek by julle in die gees" (Kolossense 2:5). Het Paulus die Kolossense vertel dat hy sy liggaam verlaat het om by hulle te wees? Natuurlik nie!

Die Bybel help ons gedeeltelik verstaan wat Paulus se visioen nié was nie. Die apostel Johannes herinner ons: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13). Johannes het daardie woorde ná Christus se opstanding geskryf. Het Paulus werklik tydens sy visioen na die hemel opgevaar, sou Johannes se woorde nie waar gewees het nie. Paulus het eerder 'n visioen ervaar, soortgelyk aan die visioen waarvan in Matteus 17:1-9 vertel word. In daardie Skrifgedeelte is die woord wat Jesus vir "visioen" gebruik *horama* – 'n gesig wat goddelik verleen word in 'n ekstase of in 'n slaap. Onthou: Toe die dissipels hierdie ervaring gehad het, het nóg Moses nóg Elia na die hemel opgevaar. Soos Paulus se ervaring, was dit duidelik 'n visioen, nie 'n mistieke besoek van twee dooie mense nie!

Daarom, net soos Petrus, Jakobus en Johannes nie werklik na die hemel opgevaar het tydens hul visioen van die verheerlikte Jesus saam met Moses en Elia nie, kan ons verstaan dat Paulus nie na die hemel opgevaar het nie. Net so kan mense vandag voel dat hulle 'n "buite-liggaamlike ervaring" gehad het wat vir hulle werklik blyk te wees, maar die Bybel onthul dat hulle dit mis het.

WWM

# Profesie neem

## Die St. Petrus-misleiding

Verlede Junie het Pous Benediktus die Sestiende 'n skare van 50 000 mense op die St. Pietersplein daaraan herinner dat die grondslag van sy gesag *die rots* is waarop Jesus die Katolieke Kerk gestig het – daardie rots bedoelende die apostel Petrus. In sy opmerkings het hy bepleit: “Laat ons bid dat die *opperkerkvoogdyskap van Petrus* ... toenemend in die regte bedoeling erken sal word deur broeders wat nog nie in gemeenskap met ons is nie” (*Zenit News Agency*, 7 Junie 2006). Benediktus het verkondig dat almal wat hulself Christene noem, die Roomse pous as enig en alleenhoof van die Christenwêreld moet erken.

Sy aanspraak – die sogenaamde “St. Petrus teorie” – is reeds vir eeue 'n standaard Rooms-Katolieke lering. Baie mense besef egter nie dat *nóg die Bybel nóg die geskiedenis* so 'n bewering van pouslike outoriteit ondersteun nie. Trouens, Benedict se idee van pouslike opperkerkvoogdyskap is een van godsdienste se langdurendste *misleidings!*

### Roomse leerstellings versus die Bybel

Die “opperkerkvoogdyskap van Petrus-leerstelling” maak daarop aanspraak dat Jesus aan Petrus en sy opvolgers die outoriteit verleen het om as alleenbewaarders van die ware Christelike leerstellings op te tree. Soos Pous Benediktus aangevoer het: “Hierdie oppervoogdyskap is vir alle tye” (*ibid.*). Ondersteuners van hierdie leerstelling wys na een sleutelvers in die Skrif waar Jesus sê: “Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou... En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees” (Mattheus 16:18-19).

'n Deeglike studie van hierdie vers en ander skrifdele openbaar egter iets heeltemal anders as wat Benediktus in gedagte het. Jesus se stelling in die oorspronklike Griekse teks is eintlik 'n woordspeling. Die Griekse woord vir “Petrus” is *petros* (wat 'n klein klip beteken), en die Griekse woord vir “rots” is *petra* (wat 'n massiewe rots of

berg beteken). Die Bybel toon duidelik dat Jesus Christus die Rots is (sien 1 Korinthiërs 10:4; 1 Petrus 2:4; sien ook Psalm 118:22; Jesaja 28:16). Hy het na Homself verwys as die *Petra* en na Sy dissipel Petrus as die *petros*.

Die Skrif toon ook dat die Kerk *nie net op Petrus gebaseer is nie*, maar is ook “gebou op die fondament van die apostels en profete, *terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is*” (Efesiërs 2:20). Jesus beskryf Sy *petros* – Petrus – as 'n fondasiesteun van die Kerk, saam met die ander Apostels en profete. Jesus Christus en Sy lering sal egter die ware fondasie van die Kerk bly. Dít is die ware bedoeling van Mattheus 16:18-19. Pogings om hierdie vers te verdraai tot 'n stelling van Petrus se uitsluitlike outoriteit, is eenvoudig nie Bybels nie. Dit is waarom die Roomse aanspraak op mag, wat gebaseer is op Petrus se gewaande opperkerkvoogdyskap, *nooit* deur die Oosterse Ortodokse kerke *aanvaar is nie*, en waarom dit deur die Protestante hervormers *verwerp is* (sien *Civilization Past & Present*, Wallbank, bl. 133).

### Petrus se rol volgens die Bybel

Wat openbaar die Bybel omtrent Petrus se rol in die vroeë Kerk? Petrus se naam word eerste genoem waar die twaalf apostels opgenoem word (Mattheus 10:1-4; Lukas 6:13-16). Hy was dikwels die spreekbuis vir die groep (Mattheus 16:13-16), en hy het die eerste preek op Pinksterdag gelewer (Handelinge 2). Petrus was, tesame met Jakobus en Johannes, een van die drie pilare in die Jerusalem Kerk (Galasiërs 2:9). Petrus, Paulus en Barnabas het tydens 'n konferensie oor leerstellings in Jerusalem insette gelewer, maar Jakobus – nie Petrus nie – het voorgesit tydens die konferensie en die finale beslissing gemaak (Handelinge 15). Petrus was die apostel vir die Jode, en Paulus die apostel vir die heidene – maar geen een word bo die ander genoem nie (Galasiërs 2:7). Paulus het selfs vir Petrus tereg gewys (Galasiërs 2:11-14). Petrus het eerbetoen geweier toe dit aangebied was (Handelinge 10:25-26); niemand het sy ring gesoen nie. Die Bybel

# gestalte aan

toon dat Petrus 'n leier onder die Apostels was, maar hy het nie opperkerkvoogdyskap oor die ander gehad, of daarop aanspraak gemaak nie.

## Geskiedkundige feite

Was Petrus egter die eerste pous wat voorsitterskap in Rome beklee het? Selfs Katolieke bronne erken dat die term “pous” nie in die Weste in gebruik was “voor die eerste helfte van die 5de eeu nie” (*Short Biographies of All the Popes*, Lozzi Roma, bl. 2). Soos die skrifgeleerde Hans Küng dit stel: “Katolieke teoloë gee toe dat daar *geen betroubare bewyse* bestaan dat Petrus ooit as opperhoof of biskop in beheer van die kerk in Rome was nie” (*The Catholic Church*, Küng, bl. 20). Professor Küng sê ook “daar is geen moontlikheid van 'n wettige opperkerkvoogdyskap – of selfs 'n voorrang wat op die Bybel gebaseer is – van die Roomse gemeenskap of selfs van die Biskop van Rome in die eerste eeue nie” (*ibid.*, bl. 49). Die Nuwe Testament verbind Petrus nie met Rome nie en maak geen melding van 'n opvolger vir Petrus nie. Die Apostels het Christene dit op die hart gedruk om na Jerusalem en die kerke in Judea te kyk as hul rolmodelle – nie na Rome nie (Galasiërs 1:18; 1 Tessalonisense 2:14).

Geskiedskrywers weet dat die biskop van Rome “aanvanklik slegs een van verskeie patriarge was” (*Civilization Past & Present*, Wallbank, 6de uitgawe, bl. 133). Daar was ook patriarge in Konstantinopel, Antiogië, Jerusalem en Alexandrië wat as gelykes beskou is. Die geskiedenis getuig dat hulle ook gewedywer het en magsugtig was. In ongeveer 160 n.C. het biskop Anacetus van Rome druk op Polikarp, biskop van Smirna uitgeoefen om die Roomse Paasfees te hou in plaas van die Bybelse Pasga op 14 Nisan. Anacetus was onsuksesvol omdat Polikarp gesê het dat hy die tradisie volg wat hy by die apostel Johannes geleer het. Vyftig jaar later het 'n ander Roomse biskop, Victor, gedreig om die Oosterse kerke te ekskommunikeer omdat hulle nie die Roomse datum vir die Paasfees wou aanvaar nie. Hulle het weereens geweier en voortgegaan om die ware apostoliese lering te volg.

Die St. Petrus-teorie sê dat Petrus se opvolgers moet besluit oor sake aangaande leerstellings vir

die Kerk. By die Raad van Nicea in 325 n.C., toon die rekord egter dat die Roomse biskop, Sylvester die Eerste, *afwesig was en geen opperkerkvoogdyskap gehandhaaf is* toe die datum van die Paasfees vasgestel is as plaasvervanger vir die Bybelse Pasga, en toe Sondag-aanbidding amptelik die sewendedag Sabbat vervang het. Die Raad van Nicea was byeengeroep en gelei deur die Romeinse Keiser, Konstantyn, en nie deur 'n Roomse biskop nie. As keiser, het Konstantyn die titel Pontifex Maximus gehad in die heidense godsdiens van die Romeine – 'n titel wat die Roomse biskop Leo die Eerste 'n eeu later sou aanneem toe hy gestry het vir St. Petrus se opperkerkvoogdyskap oor al die ander biskoppe. Die Raad van Chalcedon het Leo egter in 451 n.C. afgewys en afgevaardig dat die biskoppe van Rome en Konstantinopel dieselfde outoriteit het. Pous Innosentius die Derde het in 1200 n.C. daarop aanspraak gemaak dat hy die “Stedehouer van Christus” en Opperheerser van die Kerk en die wêreld was (*Halley's Bible Handbook*, bl. 776). Gedurende die Middeleeue het die Roomse biskoppe vir ongeveer 600 jaar na die “*Donation of Constantine*-dokument” verwys as bewys van hul reg om voor te sit oor al die ander biskoppe, maar dit is later bewys dat die dokument 'n *vervalsing* was (Küng, bl. 50).

## Profetiese waarskuwings

Beide die Skrif en die geskiedenis dui daarop dat die vroeë kerk nie die Roomse teorie van St. Petrus-opperkerkvoogdyskap erken het nie. Dit was veel eerder eersugtige Roomse biskoppe wat die leerstelling ontwikkel het om mag oor ander biskoppe en hul kerke te verkry. Jesus Christus waarsku dat baie mense aan die einde van hierdie tyd mislei sal word deur vals leraars wat daarop aanspraak maak dat hulle Hom verteenwoordig (Mattheus 24:3-5). Paulus waarsku dat huigelagtige leraars *in die laaste tye* leuens sal versprei (1 Timotheus 4:1-3) en mense sal mislei om *antieke dwaalleer en onbybelse oorleweringe* te volg (2 Tessalonisense 2:1-15). Hierdie ou waarskuwings *neem nou gestalte aan!*

—Douglas S. Winnail

# Wêreld van Môre

## OP SOEK NA DIE EWIGE

**T**oe ek 'n tiener was, het ek en my vriende gedink dat “pret” 'n sinoniem was vir “geluk”. Hoe meer pret jy gehad het, hoe gelukkiger sou jy wees. Hoe langer jy die pret kon uitrek, hoe groter sou jou geluk wees. Daar was natuurlik altyd 'n hindernis wat jou keer om hierdie geluk te bereik – geld. Geld kon betaal vir daardie uitstappie pretpark toe waar jy op die grootste tuimeltrein kon ry wat jy wou. Geld kon 'n aand by die fliek koop, met melkskommels en slaptjips. Dit kon betaal vir die koelste klere en die vinnigste kar. Dit kon 'n jong man selfs help om die hart te wen van daardie “onbereikbare” meisie, die een wat niemand uitvra nie omdat sy te beeldskoon, te slim, te volmaak, te *alles* was – in kort, te ver buite bereik. Maar wat daarvan as jy haar wel *kon* bereik? Dit sal jou sekerlik al die pret en al die genot bring waarvoor jy kan hoop. Dit sal jou sekerlik al die geluk bring wat jy kan hanteer. Dit sou die “ewige opwinding” wees.

Vandag se jeug soek dikwels na pret wat nooit einde kry nie, nes hul ouers gedoen het. Die pret hou egter nie en hul soeke vir ware geluk is soos om na rookwalms te gryp. Ongelukkig ontdek baie jongmense dat die gevolge van hul soeke **wel** bly voortbestaan, vir veel langer as hul vlugtige pogings om geluk te vind in seks, dwelms en allerlei soorte vermaak.

Wat sou jy doen as jy al die geld gehad het wat nodig is om die “ewige opwinding” na te jaag? Wat daarvan as jy alles kon eet wat jou hart begeer, wanneer jy wou? Wat daarvan as jy al die nuutste videospelletjies kon hê en dit op die grootste en beste TV-skerm wat ooit gemaak is, kon speel? Wat daarvan as jy enige motor kon koop wat jou hart begeer? Wat daarvan as **niemand** en **niks** in jou pad gestaan het om **enige en al** die genietinge te hê wat jy jou kon indink, vir so lank as wat jy kan dink nie? Dink jy dit sou jou ware geluk bring?

Sowat 3 000 jaar gelede het een man alles

gehad wat hy nodig gehad het om die “ewige opwinding” na te jaag. Sy lewe kan vir ons 'n kragtige les wees, mits ons bereid is om daaruit te leer. Daardie man was koning Salomo, die rykste man wat Israel ooit regeer het. Hy het in 'n boek, wat nou deel van die Bybel uitmaak, oor sy soeke na geluk geskryf. Hy beskryf sy soeke na geluk soos volg:

“Ek het in my hart daarvoor nagedink om my liggaam met wyn te verkwik... Ek het groot werke onderneem ... ek het ook 'n groot besitting van beeste en kleinvee gehad... Ek het vir my ook silwer en goud versamel, en 'n eiendom van konings en provinsies... En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van **geen enkele vreugde teruggehou nie**” (Prediker 2:3-4, 7-8, 10).

Salomo het beslis elke plesier gehad wat hy hom kon indink! Hy het 700 vroue en 300 houvroue (vroue van laer rang) gehad. Ons kan verseker weet dat hierdie die pragtigste vroue in Israel en al die omliggende nasies was (1 Konings 11:3, 8). Salomo het geweet dat niemand dit beter as hy gehad het nie, en hy neem waar: “Alles waarmee ek my besig gehou het, het my plesier verskaf” (Prediker 2:10, NV).

Die koning het 'n reuse-eksperiment uitgevoer; homself oorgegee aan elke denkbare genot vir so lank as wat hy wou, en dan oorweeg wat dit vir hom gedoen het. Hoe het dit hom aan die einde van die dag laat voel? Was hy waarlik gelukkig? Was hy vervul of leeg? Salomo se antwoord sal jou verbaas: “Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind, en daar was geen voordeel onder die son nie... Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind” (Prediker



# — Jeug

## OPWINDING

DEUR GERALD WESTON

2:11,17).

Salomo het die beste komediante ontbied en genot daaruit geput om te lag, maar op die ou einde het dit hom nie vervul nie. Selfs nie die beste musikante, die meeste en beste alkohol of die grootste bouprojekte, kon hom vervul nie, nog het al sy vroue en die voorregte van die huwelik dit reggekry. Ongeag hoe Salomo na geluk probeer uitreik het, was dit nie blywend van aard nie. Daar was **geen** ewige opwinding nie!

Ongelukkig weet min mense van Salomo se eksperiment en nog minder mense leer daaruit. Pleks daarvan soek hulle na die genot wat blywend sal wees en hulle sal bevredig – maar geen genot doen dit ooit nie. Party genietinge kan natuurlik pret wees, maar sodra die genot iets van die verlede is, moet ons terugkeer na die alledaagse aktiwiteite van ons lewens.


In my werk met jongmense geniet ek dit om hul idealisme te aanskou. Die meeste jongmense dink na oor filosofiese vrae soos dié wat Salomo ondersoek het. Hulle soek na waarheid en betekenis. Hulle wil van die wêreld 'n beter plek maak en deelneem aan waardige sake. Hulle wil weet wat geluk is, hulle wil verstaan wat dit is wat die lewe die moeite werd maak en hulle wil die doel van die lewe ontdek.

Dit gee my groot vervulling wanneer ek sien hoe jongmense wyse keuses maak, dinge reg doen en hulself op die weg na blywende geluk en sukses plaas. Soms behels dit dat hulle beter keuses as hul ouers moet maak en dit beteken dikwels dat hulle beter keuses as hul maats moet maak, maar dit kan gedoen word! Ja, ek is 'n ware optimis wanneer dit by jongmense kom, soos Salomo was en soos God is!

Salomo het Prediker geskryf sodat party mense by hom kon leer, dit reg doen en die ware “ewige

opwinding” vind. “Die Prediker [Salomo] het gesoek om welgevallige woorde te vind en wat reg geskrywe is – woorde van waarheid. Die woorde van die wyse manne is soos prikkels; en soos spykers, diep ingeslaan, is die versamelde spreuke; hulle is deur die enige Herder gegee. En buitendien, my seun, wees gewaarsku; aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees” (Prediker 12:10-12).

Die les van Prediker is dat ons nie ware en blywende bevrediging vind in die dinge wat ons doen nie, maar eerder in hoe ons ons lewens leef. Salomo gee raad: “Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die jonkheid is nietigheid... En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid...” (Prediker 11:9-10, 12:1).

Om 'n lang storie kort te maak, Salomo het ons geleer dat hoewel ons beslis “goeie, skoon pret” kan najaag, dit nie op sigself 'n doeleinde is nie. Ons moet altyd onthou dat daar 'n God is wat Sy wet aan ons gegee het en ons wys hoe om vandag pret te hê wat môre steeds pret sal wees. Die laaste twee verse van Prediker som op wat Salomo geleer het: “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg” (Prediker 12:12-14). Salomo se soeke na die ewige opwinding moet vir ons almal – jonk en oud – 'n les wees in ons soeke na die ware ewige geluk wat ons nooit in die steek sal laat nie. 

## Vervolg vanaf bladsy 20 – Sal u die Aarde beërwe?

die gebooie” – toe noem Hy voorts 'n paar van die Tien Gebooie op (Mattheus 19:17). Verder, in Sy “Bergpredikasie” het Jesus eintlik die Tien Gebooie **uitgebrei**. Hy het dit *meer* omvattend en meer bindend gemaak, want Christene moet die Tien Gebooie in die gees ook onderhou, nie net in die letter nie!

Wat sal die uitwerking van God se regering op aarde wees? “En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:4).

Wanneer Jesus terugkeer, sal Hy die hele wêreld heropvoed in die vredesweg. “Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:7-9).

In die Wêreld van Môre sal alle nasies die ware God van die hemel en aarde – die God van u Bybel – ken, en Hy sal diegene seën wat Sy gebooie onderhou, soos Hy nog altyd gedoen het. Let op hierdie besielende skrifdeel uit die boek Deuteronomium, wat die seëninge beskryf wat volg wanneer ons God se Wet gehoorsaam: “En hou die gebooie van die HERE jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees. Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyeboom en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning; 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap; en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het” (Deuteronomium 8:6-10).

### U glorieryke toekoms


Kan u u rol visualiseer in die onderwysing van die nasies om God se gebooie te onderhou en om alle mense te help om die oorfloedige lewe te leef wat God aan hulle beloof? Indien u onder die “sagmoediges” is – iemand wat God se wil eerder as u eie wil soek – kan God u gebruik om ander

mense Sy weg te leer.

Selfs vandag staan ons planeet soos 'n juweel uit in die omvangrykheid van die ruimte. Daar kom egter 'n tyd wanneer God die aarde met vuur sal suiwer en dit vernuwe, voordat die hemel op die aarde sal neerdaal (2 Petrus 3:10-13). Soos die apostel Johannes skryf: “En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut” (Openbaring 21: 2-5).

U kan deel hê in hierdie ontsagwekkende toekoms. In Romeine 8:17 noem God Sy kinders erfgename en “mede-erfgename van Christus”. As erfgename van God sal getroue Christene nie net die aarde erf nie – hulle sal die heelal beërwe. Ons lees: “Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook **alles** genadiglik skenk nie?” (Romeine 8:32). Ook: “**Alle dinge** het U onder sy [die mensdom se] voete gestel” (Hebreërs 2:8).

In hierdie laaste twee verse is die Griekse uitdrukking wat as “alle dinge” vertaal is *ta panta*, wat letterlik “die alles” beteken – met ander woorde alles sigbaar en onsigbaar. Ja, getroue Christene sal uiteindelik die ganse heelal beërwe! Vandag droom baie van ons daarvan om na die buitewyke van die sterrestelsel te reis, en verwonder ons aan die prag van die sterre, newelsterre en ander ontsagwekkende en pragtige eienskappe van ons heelal. Die tyd gaan aanbreek wanneer vandag se getroue Christene in staat sal wees om teen die spoed van denke oor die heelal te reis!

Ja, God wil hê dat u die aarde – en meer – beërwe! Hy sê vir ons: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7). Mag God elkeen van ons help om Hom en Sy Koninkryk na te streef, sodat ons binnekort die aarde, die heelal en alle dinge kan beërwe! 

### Vervolg vanaf bladsy 7 – Hoofartikel

tien horings” (Openbaring 17:3-6).

God beskryf hierdie gevalle kerk as 'n “groot **hoer** wat op die baie waters sit” (vers 1). Dan onthul Johannes dat “die waters wat jy gesien het, waar die **hoer** op sit, ... volke en menigtes en nasies en tale” is (vers 15). Hierdie geweldig magtige “vrou” sal “sit op 'n skarlakenrooi **dier**” en sal in die tyd van die einde geweldige godsdienstige en politieke invloed geniet!

Openbaring 12 beskryf 'n heel ander “vrou” – **God se ware Kerk**. Hierdie “vrou” moet “na die woestyn” vlug om erge vervolging vry te spring. Wanneer Satan na die aarde neergewerp word aan die heel **einde** van hierdie tyd, sal hy hierdie “vrou”, wat deur God gelei word, geweldig vervolg “sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg” waar God haar **bonatuurlike beskerming** sal bied gedurende die drie-en-'n-half jaar van die Groot Verdrukking (verse 12-14).

Indien u hierdie profesieë waarlik wil **verstaan** – en onder diegene wil tel wat **deur God beskerm gaan word** – moet u nie toelaat dat hierdie wêreld u mislei oor wat hierdie verse beteken nie! Bid vir **begrip**! Bid vir die krag om uit hierdie hedendaagse Babilon “uit te kom” (Openbaring 18:4) en om onder daardie ware *heiliges* te wees wat waarlik God se gebooie **gehoorsaam**: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie van God** en die **geloof** in Jesus **bewaar**” (Openbaring 14:12).

### Begrip kom deur gehoorsaamheid


God se ware heiliges is diegene wat “die **gebooie onderhou**” – wat ook die “geloof van Jesus” het, nie net hul menslike geloof “in” Jesus nie! [Sien Engelse New King James-weergawe.] Dus – deur die Heilige Gees – word aan hulle **begrip** en moed gegee om God waarlik te **gehoorsaam**. Want God gee **nie** die Heilige Gees aan diegene wat bloot in Hom of in Jesus “glo” nie. Soos Jakobus geïnspireer is om vir ons te sê: “Die duiwels glo dit ook, en hulle sidder” (Jakobus 2:19).

God se Woord beskryf die “Heilige Gees wat

God gegee het aan die wat Hom **gehoorsaam** is” (Handelinge 5:32). Die Bybel maak dit herhaaldelik baie duidelik dat slegs diegene wat bereid is om **God te gehoorsaam** met Sy invloeiende Gees vervul sal word: “As iemand My liefhet, sal hy **my woord bewaar**, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak” (Johannes 14:23). In hierdie skrifdeel, soos in vele ander, is dit duidelik dat God en Christus **in** die ware heiliges **sal woon** en hulle sal **lei** deur die Heilige Gees. Johannes skryf dat die Heilige Gees, deur die Vader gestuur in Jesus se naam, “sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (vers 26).

Ons ganse verhouding met God en Christus, deur die Heilige Gees wat vir ons ware **begrip** gee, word vasgestel deur ons bereidwilligheid om ons waarlik **oor te gee** en ons Skepper te **gehoorsaam**. Naby die heel einde van die tyd van die Apostels, skryf Jesus se “geliefde” apostel: “Hy wat sê: Ek ken Hom **en sy gebooie nie bewaar** nie is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Johannes 2:4-6).

God se Woord stel dit ook duidelik: “Die vrees van die HERE *is* die beginsel van die wysheid; almal wat **dit beoefen**, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid” (Psalm 111:10).

Om dus die Bybel ten volle te verstaan, is die belangrikste **sleutel** van almal, om 'n mens se hart, verstand en lewe heeltemal **oor te gee** om die grote God te **gehoorsaam** en om Sy gebooie as leefwyse te **onderhou**! Dan en **slegs dan**, sal God u gedagtes open om Sy woord, Sy groot plan en Sy **geïnspireerde profesieë** wat nou vinnig besig is om vervul te word, ten volle te verstaan. Mag God **u** help om te begin om hierdie noodsaaklike **sleutels** tot begrip te gebruik! 

**Vervolg vanaf bladsy 17 – Persoonlik**

geskryf: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Namate u die Bybel – die Ou- en Nuwe Testament – **bestudeer**, sal God se **doel** vir u meer werklik word. Namate u deur die Evangelies, Handeling, die Sendbriewe en die boek Openbaring gaan, sal u vind – in skrifdeel na skrifdeel – dat melding gemaak word van Christus se Wederkoms en God se *ingryping in mensese sake*. U sal ook sien dat die *oorspronklike* Christene, lank na Jesus Christus se dood en opstanding, voortgegaan het om Christus se eie toepassing van die onderrig en onderhouding van die weeklikse Sabbat te volg, soos God beveel het (Handeling 16:13; 17:2). Hulle het altyd die jaarlikse feeste soos die Pasga en Pinkster onderhou, soos God beveel het (Handeling 2:1; 12:2-3; 20:16; 1 Korinthiërs 5:7-8; 16:8). Dit is betekenisvol dat die eerste Christene **nooit** die **heidense** feeste soos die Paasfees of Kersfees onderhou het nie. Dit is eers heelwat later in die belydende kerk ingebring namate dit geleidelik ware Christelikheid versaaak het ten gunste van menslike tradisies.

Ons het reeds in hierdie tydskrif verduidelik dat die *Bybelse* feeste soos die Pasga, die Dae van Ongesuurde Brode, Pinkster en die Fees van Basuine God se groot **Plan** uitbeeld wat Hy besig is om vir die mensdom teweeg te bring. Die *Pasga* stel Christus se dood vir ons sondes voor. Die *Dae van Ongesuurde Brood* stel die behoefte voor om sonde *uit* ons lewens te sit en om te groei in “genade en kennis.” *Pinkster* stel ons behoefte aan die Heilige Gees voor ten einde verlos te word. Die Fees van *Basuine* stel Christus se Wederkoms “met die laaste basuin” voor. Hierdie en ander godsdienstige feeste van die *Bybel* beeld God se groot Plan uit. Die Bybel se weergawe van Christus se geboorte, dood en opstanding wys ook duidelik dat Jesus Christus lewe. Dit wys dat Hy *weer gaan kom* om Sy Koninkryk op hierdie aarde te kom vestig en dat

ware Christene nou **in opleiding** is om konings en priesters te word in daardie komende Koninkryk wat die wêreld gaan regeer (1 Korinthiërs 6:2-3; Openbaring 2:26-27; 5:9-10; 20:6).

Hoe *kragtig* en **betekenisvol** is die Bybel se werklike boodskap! Hoe uiters toepaslik is dit nou op *ons lewens* terwyl ons in die voorspelde “laaste dae” leef (2 Petrus 3:3) net voor Christus se Wederkoms as Koning van konings. Die meeste kerkgangers is egter totaal **mislei** oor die Bybel se ware *bedoeling* (Openbaring 12:9).

*Waarom?*

Omdat die meeste mense nie werklik tot God **roep** vir insig nie en omdat hulle **nie** regtig Sy geïnspireerde Woord *bestudeer* nie! Indien u persoonlik hierdie **Bybel-onkunde**, wat op die meeste belydende Christene van toepassing is, wil oorkom, begin dan asseblief nou om u Bybel ernstig te **bestudeer** soos nog nooit tevore nie. Indien God u lei om deur ons by die *Wêreld van Môre* die Waarheid te leer ken, stel ek graag voor dat u ons *skakel* of aan ons *skryf* en 'n gratis kopie van die **deurslaggewende** boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*, aanvra. Hierdie insiggewende boekie onthul in detail wat waarlik met die oorspronklike Christenskap van Christus en die Apostels gebeur het, en hoe *u* vandag ware Christenskap kan vind en uitleef. Hierdie boekie verduidelik moontlik ons **doel** en waaroor die hele werk by *Die Wêreld van Môre* gaan, duideliker as enige van ons ander publikasies.

Die kontakbesonderhede van ons streekkantoor word op bladsy 2 van die tydskrif verskaf. Skakel ons nou of skryf aan ons, of besoek ons webtuiste **www.wvm.co.za** en vra hierdie boekie aan. Dit sal heeltemal **gratis** en sonder enige verpligting aan u gestuur word. Hierdie boekie sal u help in u studie van die Bybel en God se Waarheid. Namate Bybelprofesieë met toenemende tempo vervul word – en met Christus se Wederkoms voorhande – moet u **nie onkundig** bly oor wat die Bybel werklik sê nie! U lewe hang werklik daarvan af.

